


Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 7, No. 4

Vertalings saamgestel uit vroeër gepubliseerde *Tomorrow's World*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Is u werklik “waaksaam”?

Die meeste lesers van hierdie tydskrif verstaan dat dit lyk asof die gebeure wat in die Bybel voorspel word, besig is om te “versnel” soos ons die einde van hierdie tydvak nader. Maar, besef u werklik waarom Christus Sy ware volgelingen aangesê het om “waaksaam” te wees, om te lê op hierdie gebeure?

Soos die meeste van u weet, het die ware Christus van die Bybel nie Sy Kerk gestig om dit te vul met “dierbare ou dames” wat mooi gedagtes koester oor “eendag hemel toe gaan” nie. Die Bybel praat eerder aanhoudend van dramatiese gebeure wat gaan plaasvind in die voorspelde “laaste dae” van hierdie menslike samelewing – wat hulle klimaks gaan bereik met die Wederkoms van Jesus Christus as “Koning van die konings” (Openbaring 19:11-16).

Dan sal die vestiging van die ware “Nuwe Wêreld Orde” plaasvind – die Koninkryk of **Regering** van God, deur middel van Jesus Christus en Sy heiliges, wat dan einde ten laaste vir 'n *duisend jaar*, werklike **vrede** na hierdie hele wêreld sal bring! Jesus sê, “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank” (Openbaring 20:6).

Soos die meeste van u weet, is hierdie Werk van die lewende Christus nou reeds vir baie jare besig om ons nasies te gewaarsku aangaande die *spesifieke Bybelvoorspellings* wat in groot besonderhede beskryf wat voorlê vir die Verenigde State, én vir die nasies wat van Britse afkoms is wat Kanada, Brittanje, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika insluit. *Baie* van daardie profesieë het alreeds begin om gestalte aan te neem! Die verskillende “gedeeltes” van die Bybelvoorspelde scenario kom toenemend in skerp fokus, maar die “hoofstroom” predikante van hierdie wêreld verstaan dit eenvoudig nie. Hulle kan **nie** hierdie nasies se profetiese identiteit in eindtydse gebeure herken nie. Die meeste Bybelstudente vandag *ignoreer totaal* die deurslaggewende kwart van God se woord wat profeties is.

Maar *u* behoort dit te weet! Dit is nodig dat u dit **verstaan**.

In Sy beroemde Profetiese rede op die Olyfberg, beskryf Jesus 'n hele vlaag van baie vals predikers (Mattheus 24:5). Hy beskryf 'n **eindtydse** opbou van “oorloë en gerugte van oorloë” – 'n toepaslike beskrywing vir die oorloë en stamgevegte wat nou in dele van Afrika, die Midde-Ooste en elders regoor die aardbol voorkom. Jesus voorspel ook daar sal

“**hongersnode** wees en **pessiektes** en **aardbewings** op verskillende plekke” (vers 7).

Nadat Hy hierdie en ander soortgelyke eindtydse gebeure beskryf het, sê Jesus: “Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Lukas 21:34-36).

Inderdaad, indien ons toelaat dat ons so betrokke raak in ons “daaglikse roetine” – ons werk, ons geliefkoosde televisieprogramme, die Internet en so baie ander afleidings – sal ons *heeltemal* faal om waarlik “paraat” te wees vir hierdie **uiters belangrike** profetiese gebeure wat vinnig besig is om plaas te vind! Ons sal dan, soos Jesus waarsku, belas wees deur die “sorg van die lewe”. Jesus beveel ons dus om te “waak,” om die ontvouting van hierdie profetiese gebeure dop te hou, sodat ons sensitief kan wees vir God se groot **doel**. Ons Skepper is besig om die opkoms en val van nasies te lei, om in te gryp deur kragtige *weerverwante gebeure* en **aardbewings** en **pessiektes** wat Hy spesifiek vir ons tyd voorspel het. Ons waaksaamheid ten opsigte van profetiese gebeure – terwyl ons

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Is u werklik “waaksaam”?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Hoe om God te KEN

3

Baie mense weet van God. Maar ken hulle Hom werklik? Die waarheid mag u verras!

Moderne moraliteit en die Tien Gebooe

7

Teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog het die Verenigde State hulp verleen deur middel van hul Marshall Plan, selfs aan hul voormalige vyande.

Herrysende Duitsland: 'n Vierde Reich?

12

Wat hou Duitsland se toekoms in? Bybelse profesieë werp lig op die Duitse geskiedenis om belangrike leidrade te verskaf!

Hoe ken 'n mens 'n vervalsing uit?

19

Toe *The Matrix* in 1999 vrygestel is, het baie rolprentgangers dit begryplik afgemaak as net nog 'n rolprent belaaie met genoeg grafiese geweld om dit onkykbaar vir ouers en kinders te maak.

Gereeld

Vrae en Antwoorde

23

Profesie neem gestalte aan

24

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772
Canberra, ACT 2601
Tel: (07) 5546 0472
Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202
Toronto, Ontario, M9W 6L0
Tel: (905) 671-3730
Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774
Makati City 1257, Philippines
Tel: 63-2-813-6538
Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092
Motherwell, ML1 2YD Scotland
Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Hoe om God te KEN

Deur Roderick C. Meredith

Baie mense weet van God. Maar ken hulle Hom werklik? Die waarheid mag u verras!

“Hoe goed is dit tog nie om God hierdie oggend te ken nie” sê die emosionele prediker.

“Amen,” herhaal verskeie mense in die gemeente.

Het *u* al mense op hierdie welsprekende manier van hulle God en Skepper hoor praat? Sulke mense glo eerlik dat hulle die Ewige God verheerlik deur hierdie tipe van gesegdes. Hulle is – oor die algemeen – blykbaar heel opreg. Baie mense wat nie godsdienstig is nie, veral daardie wat minder emosioneel is, glimlag net in die mou wanneer hulle dit hoor – en voel dat hierdie sentimentele mense mislei is om godsdienste te gebruik as manier om “stoom af te blaas”.

Maar, ken enige van hierdie mense die Here enigins? Indien ons ons persoonlike gevoelens en vooropgestelde idees ter syde stel, hoe kan ons *werklik* God “leer ken”?

God openbaar Sy aard

Daar is drie basiese maniere wat u kan aanwend om die ware God – die Skepper van die ganse heelal – te leer ken **en Hom werklik te verstaan**. Die eerste manier is om noukeurig ag te slaan op alles wat God tot stand gebring het – Sy skepping – dit wat ons soms die “natuur” noem. Die apostel Paulus het dit geweet. Hy was geïnspireer om

te skryf: “Want Sy onsigbare dinge kan *van die skepping van die wêreld af in Sy werke verstaan en duidelik gesien word*, naamlik Sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie” (Romeine 1:20).

God se allerhoogste intelligensie is so sigbaar in Sy skepping dat die ateïs wat God se bestaan betwis, heeltemal sonder verskoning is. Hierdie is 'n *wetsgehoorsame* heelal. God word duidelik in die natuur geopenbaar as 'n God van **wet** en orde – met die opperste wysheid en doelgerigtheid agter elke ding wat Hy doen.

Probeer om die wet van gravitasie te verbreek! Die eenheid van die natuur – die standvastigheid van onverbreekbare wette – dui op die aard en karakter van die Skepper. God se skepping het *nie geëvolueer nie!* Die wette het nog altyd dieselfde gebly. Charles Darwin se eie seun het gesê: “*Ons kan nie bewys dat 'n enkele spesie verander het nie*”. God het in Genesis 1:25 bepaal dat elke plant en dier “volgens sy soort” sal vermeerder. Nog nie een enkele keer is hierdie bepaling geskend nie.

God se wette verander nie! Die hele skepping basuin hierdie waarheid uit. Hierdie beginsel geld vir *geestelike* sowel as

fisiese dinge. *Bestudeer God se skepping indien u werklik daarna streef om u Skepper te verstaan*. Die Bybel sowel as die “natuur” leer ons albei dat God se plan en Sy wette nie verander nie. “Die werke van Sy hande is trou en reg; *al Sy bevele is betroubaar. Vasgestel is hulle vir altyd, vir ewig, uitgevoer in trou en opregtheid*” (Psalm 111:7-8).

'n Tweede getuie word benodig

In teenstelling met die eenparige bewyse uit die natuur, is menslike wesens verdeeld en verward in hulle idees van God. Daar is al gesê: “Die mens het God geskape na sy eie beeld”. In die *meeste gevalle* is dit *waar!*

Mense uit elke nasie en taal het nog altyd iets aanbid maar hulle “god” is gewoonlik die produk van hul eie verbeelding – 'n god wat ooreenstem met hul teenswoordige *menslike* standaarde, wette en maniere van na dinge kyk.

Selfs vandag lees die meeste belydende “Christene” hulle **eie** idees oor God in die Bybel in. Ons ken almal mense wat aan God dink as 'n goeiehartige, sentimentele en *baie preutse* ou kêrel wat tot trane geskok sal word en heeltemal ontsteld sal wees indien enige van sy kinders na 'n dans sou gaan of 'n glasie wyn sou drink. Hulle konsep van

God is net so eng en beperk as hul eie omgewing, opvoeding en geestelike uitkyk op die lewe.

Ander mense gaan weer na die teenoorgestelde uiterste. Hulle dink aan God as 'n ver-weg geestelike mag, wat weinig of geen direkte omgang met die menslike gesin het nie. Hulle verbeel hulself dat God “wys” genoeg is om *ons in vrede te laat* om ons eie vermaak, samelewing en wette te kies – *selfs ons eie godsdiens op die manier wat ons daarvan hou*. Sulke mense dink hulle is filosofies, kosmopolities en “modern”. *Hulle sien God dus volgens hulle eie beeld!*

Die Heilige Bybel is die *geopenbaarde* woord van die Skepper God. Dit is geskryf om aan ons die aard van God te toon, hoe ons moet leef en hoe ons Hom moet aanbid, sodat ons Sy kinders mag word. Deur pligsgetrou u Bybel te *bestudeer* is die tweede manier om God te leer ken. Dit is die *tweede getuie* wat nodig is om die mensdom se verwarde idees oor God die nek in te slaan.

Die Bybel dra gesag

Indien u bewys het en *werklik glo* dat die Bybel God se geïnspireerde openbaring aan die mens is, dan behoort u duidelik te besef dat daar nie met God se Woord geargumenteer kan word nie – of Sy Woord valslik geïnterpreteer mag word om gunsteling leerstellings te ondersteun nie.

Ons het moontlik ons eie vooropgestelde *menslike* idees oor God. Indien ons egter na die *waarheid* verlang, moet ons dit

ter syde stel en God se Woord ondersoek om uit te vind hoe Hy Homself aan ons *openbaar*. Onthou: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot *weerlegging*, tot *teregwysing*, tot *onderwysing* in die geregtigheid” (2 Timotheüs 3:16). Die doel van die Bybel is om ons te korrigeer en ons tereg te wys – om aan ons te toon waar ons verkeerd is. Sal ons dit toelaat?

God sê: “Want Ek, die HERE, *het nie verander nie*” (Maleagi 3:6). Ons vind ook “Jesus Christus is gister en vandag *dieselfde* en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8). Die Vader en die Seun verander nie wispelturig hulle planne en beginsels nie – **of Hulle wette nie**. Hulle “verander nie”.

In hierdie stadium is dit belangrik om te onthou dat Christus die God of “Here” van die Ou Testament *is!* In Johannes 1:1-5 vind ons dat Christus die “Woord” of “Segsman” was wat sedert die heel begin saam met die Vader was. Alle dinge is deur Jesus Christus geskape (vers 3; Kolossense 1:16). Christus was die geestelike “Rots” wat die kinders van Israel beskerm het en *dit was Hy wat aan hulle die Tien Gebooie gegee het* (1 Korinthiërs 10:1-6).

God *in die persoon van Jesus Christus* is die Een wat die **Wet** gegee het wat deur meeste predikante vandag *geminag* word! *Waarom* sluit die mense hul oë vir die Christus wat die opperste **Wetgewer** is? Dink hulle miskien Christus het verander?

U Bybel sê dat **Hy nie**

verander het nie!

God se metodes en wette is konsekwent vanaf Genesis tot Openbaring. Die meeste selfaangestelde predikers faal egter om dit te besef en sal praat van die “God van die Ou Testament” in teenstelling met Christus van die Nuwe Testament. Hulle beweer selfs dat Christus die evangelie verkondig het, maar dat Paulus 'n *ander* evangelie verkondig het. Hierdie predikante **is verward**.

In Openbaring 17:5 noem God hierdie deurmekaar, verdeelde stelsel “die Groot Babilon” – wat letterlik “*groot verwarring*” beteken. God se ware volk word beveel om *uit daardie stelsel te kom* (Openbaring 18:4).

Waarom?

Omdat die mense in daardie stelsel nie die ware God ken nie! Satan het sy eie *vals* dienaars wat *lyk* asof hulle dienaars van geregtigheid is (2 Korinthiërs 11:15). Hierdie *valse* leraars mislei die mense, “*naamlik* die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het” (2 Korinthiërs 4:4).

Hoe kan hierdie mense dan so maklik mislei word? *Eerstens*, omdat hulle menslike tradisie en die se leraars blindelings navolg en derhalwe 'n **valse** konsep van God het. *Tweedens*, omdat hulle geestelik te **lui** is om die Bybel te *bestudeer* en só die ware God en Sy *weg* te leer ken.

Die Bybel is konsekwent

Van Genesis tot Openbaring word God openbaar as die *Skepper*, die *Heerser* en die

potensiële *geestelike Vader* van die mensdom. In Genesis 2:17 het God die eerste mens *beveel* om *nie* van die boom van kennis van goed en kwaad te eet nie. Adam was egter hardkoppig en *on gehoorsaam* aan hierdie gebod en het so die doodstraf op die hals gehaal. God het Homself as die **Heerser** openbaar en Sy onderdane was ongehoorsaam.

Nog lank voordat God die Ou Verbond ingestel het, het Hy Abraham geseën – omdat hy God se wette *gehoorsaam* en Sy gebooi *onderhou* het (Genesis 26:5). Abraham het **God geken** as sy Opperheerser.

Na die Israeliete se uittoeg uit Egipte, het God aan hulle Sy gebooi gegee, wat sedert Jakob se dae vir hulle *verlore geraak het*. Hulle sou *regeer* word deur God se wette, die enigste wette wat werklik geluk kan bring maar die Israeliete – wat dieselfde menslike aard gehad het as ons vandag – was *on gehoorsaam* aan God en is in ballingskap weggevoer.

Waarom? Omdat hulle geweier het om God te erken – om God te **ken** – as hulle Opperheerser.

Jesus het die Vader openbaar

Jesus het in die vlees gekom om die Vader te “openbaar”. Hy het gewys dat God se Wet van krag sal wees totdat die hemel en die aarde verbygaan (Mattheüs 5:18). Christus het nie gekom om die Wet tot niet te maak nie [te ontbind nie], maar om dit *te vervul* (vers 17). Onthou, *vervul* beteken om iets te **doen of uit te voer, nie om daarmee weg te doen nie**.

Toe 'n jong man aan Jesus gevra het hoe om gered te word, was aan hom gesê *om die gebooi te onderhou* (Mattheüs 19:17).

Jesus het ons geleer dat Christene nie langer die administrasie van die *siviele* statute en *oordele* ten opsigte van wetbreking moet uitvoer nie (Johannes 8:1-8). Christus se volgelingen moet nie meer straf aan oortreders voltrek nie (Mattheüs 7:1-5). *Die rituele en wêreldlike ordinansies* van die Ou Testament is deur Christus se offerande vervul (Kolossense 2:14; Hebreërs 7:27). Nogtans is dit daardie selfde offerande en die Heilige Gees wat nou in ware Christene leef, wat ons in staat stel om die *geestelike* gebooi te onderhou (Mattheüs 5:19).

Waarlik, Jesus se hele bediening was 'n openbaring van God as die opperste Wetgewer en Heerser. Christus het die goeie nuus van die komende Koninkryk – **regering** – van God verkondig (Markus 1:14). Dit is die *ware evangelie* – die goeie nuus van God se regering, God se **heerskappy!**

Die einste grondslag van Christus se leerstelling was dat “die mens nie van brood alleen sal leef nie, maar van *elke woord* wat uit die mond *van God* uitgaan” (Mattheüs 4:4). Watter *woord?* Watter *God?* Die Jode van Jesus se dag het baie goed geweet Christus verwys na die God van die Ou Testament – die *Gewer* van die Wet – wat Israel gaan **regeer**. Die enigste “woord” van die *ware* God gedurende daardie tyd, was die Ou Testament in *u* Bybel! Jesus het na die “Wet” verwys – die boeke

van die Ou Testament – as die *Skrif* en Hy sê: “... *die Skrif [kan] nie verbreek ... word nie*” (Johannes 10:35).

Ja, **u word** beveel om te leef volgens elke woord van die *ware God*, soos wat dit deur Jesus Christus openbaar is in die Ou en in die Nuwe Testamente van u Bybel. *Ken* u daardie God? Of dink u Christus het nie geweet waarvan Hy praat nie?

Wees asseblief ontvanklik vir hierdie waarheid!

Christus ons voorbeeld

Die meeste belydende “Christen”-predikante praat van Christus as 'n soort van held of Redder, maar hulle *verseg* om Sy *evangelie, Sy leerstellings of Sy voorbeeld te erken*. Hulle beeld Jesus tydens Kersfees uit as 'n skattige *maar hulpelose* babatjie en as 'n Redder of Verlosser wat “ver weg na die hemel” gegaan het tydens Paasfees (Easter)! Hulle opvatting is dat Hy gekom het om vir die mensdom te **sterf**, maar dat Sy **leerstellings vandag geen gesag dra** nie!

U Bybel sê *presies die teenoorgestelde!*

Ons lees in Johannes 1:4 dat Jesus se lewe die “lig” van die mense was. Dit was om hulle God se *weg* van lewe te wys. Petrus was geïnspireer om te skryf: “Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle *'n voorbeeld nagelaat* het, sodat julle sy voetstappe kan navolg” (1 Petrus 2:21). Asook: “Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het” (1 Johannes 2:6).

Jesus is ons *volmaakte* voorbeeld! Diegene wat beweer dat hulle Christene is – dat hulle in “Hom bly” – behoort ook self **te leef** soos Hy geleef het! *Doen u dit?* Indien u nie in Jesus glo en poog om Sy voorbeeld te volg nie, dan verstaan u nie *watter soort God die ware God is* nie. U is dan *onkundig* oor hoe om die God en Vader van Jesus Christus te aanbid en te gehoorsaam.

Wat was Jesus se voorbeeld?

Jesus se ganse lewe was 'n volmaakte voorbeeld van **gehoorsaamheid** aan God se Wet en Sy heerskappy! Hy sê; “As julle My gebooie bewaar, sal julle in My liefde bly, net soos Ek die gebooie van My Vader bewaar en in Sy liefde bly” (Johannes 15:10). Sy eie onderwysing was eenvoudig 'n uitbreiding van God se Wet (Jesaja 42:21). In werklikheid het Hy in die vlees gekom om Sy eie Wet – die Tien Gebooie – uit te brei! Onthou, Hy was die God van die Ou Testament wat self die Tien Gebooie *gegee* en met Israel omgegaan het (1 Korinthiërs 10:1-6).

Toe Hy mens geword het, het Jesus daardie Wet **onderhou** en *sodoende vir ons 'n voorbeeld gestel*. Hy was ons “lig,” ons voorbeeld. 'n *Ware Christen* is iemand wat Christus volg – *wat daardie voorbeeld volg*.

Begin u nou insien wat die ware aard van die lewende God is?

Hy is die **Een** wat al die fisiese en geestelike *wette, magte en kragte* in werking gestel het. Hy het 'n oorhoofse plan met hierdie

aarde – Hy is die Opperheerser!

Die Woord het in die vlees gekom as Jesus Christus, om die goeie nuus van God se koninkryk – Sy regering – te verkondig. Jesus het altyd daardie evangelie verkondig. Filippus het dit verkondig (Handelinge 8:12). Die apostel Paulus het dit dwarsdeur sy hele bediening verkondig – *selds aan die nie-Jode in Rome* (Handelinge 28:31). Dit is die **enigste** ware evangelie!

God se karakter

God is 'n **heerser**. Indien ons Sy verwekte kinders word deur *bekering, doop* en ontvangs van die *Heilige Gees* (Handelinge 2:38), dan kan ons tot in Sy Koninkryk “wedergebore” word (Johannes 3:1-8). Ons kan verander word – werklik *gebore* word – *geestelik* as 'n *letterlike* seun van God! God reproduseer Homself! Hy, die Skepper van en Heerser oor die hele heelal, verwek nou menslike wesens deur Sy Gees om *gebore* te word as Sy seuns – om in Sy eie gesin te wees en die ewige lewe te beërwe. Voordat God ons egter Sy eie seuns sal maak en aan ons die ewige lewe skenk, *moet ons eers leer hoe om te lewe*.

Ons moet God se *wysheid* ontwikkel – Sy *karakter*. Ons moet “leef volgens elke woord van God”. Omdat ons besef dat ons Skepper die beste weet, behoort ons Hom te **gehoorsaam**. Om dit te ontken, beteken erkenning van volslae *onkunde* oor die Ewige God se groot wysheid en doel. Dit dui op

'n gebrek aan begrip rakende die *karakter van die ware God*.

Die apostel Johannes som dit só op wanneer hy oor Christus skryf – die God van die Ou Testament, die Gewer van die **Wet**: “Hy wat sê: *Ek ken Hom – en Sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie*” (1 Johannes 2:4).

God Self noem wettelose predikante *leuenaars* wanneer hulle probeer om die outoriteit van Sy **heerskappy**, die wysheid van Sy **Wet** en die werklike basis van Sy groot **doelstelling** te misken!

Dit is tyd om wakker te word! Mag God u help dat dit u berou omdat u Sy regering verontagsaam het, Sy wette *verbreek* het en u lei om Christus as u Verlosser *van sonde*, aan te neem. Dan kan u begin om God se *karakter* te ontwikkel en om in die opstanding uit die Gees gebore te word as Sy seun. Dit is nodig dat u *die ware God leer ken* as u Vader.

Praat met God

Wanneer u *werklik begin* om die ware God te *ken* – die God wat deur Jesus Christus geopenbaar is – sal u met Hom wil praat. U kan in gebed met Hom praat. Dit is die *derde* manier waarvolgens u werklik daartoe in staat is om die ware God te leer **ken**.

Wanneer u begin om God op hierdie manier te leer ken, sal u gou besef dat u God moet **gehoorsaam** indien u 'n antwoord verwag. U sal ook

Vervolg op bladsy 26

Moderne moraliteit en die Tien Gebooie

Deur Richard Ames

Teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog, toe die Spilmoondhede verpletter en Duitsland se stede verwoes was, het die Verenigde State hulp verleen deur middel van hul Marshall Plan, selfs aan hul voormalige vyande in Wes-Europa. Oor die hele wêreld was die VSA bewonder vir hul waardes en vir hul onselfsugtige gawes en hulp aan ander nasies.

Vandag egter, het die VSA orals in die wêreld 'n slegte reputasie. Hul vermaaklikheidsbedryf het pornografie, materialisme en vals waardes uitgevoer wat ontelbare miljoene mense teen hulle voormalige Amerikaanse weldoeners laat draai het. Terwyl hulle eens bewonder was omdat hulle troepe gestuur het om vryheid en morele waardes hoog te hou, word die VSA nou wyd en syd gehaat omdat hulle hul invloed laat geld waar dit nie welkom is nie.

Sal dié situasie binnekort verander? Sal die VSA as morele leier gerespekteer word, of sal die VSA verder verval in morele en sosiale agteruitgang? Om die huidige situasie te kan verstaan, moet ons lesse uit die geskiedenis leer. Ons behoort te

verstaan waarom wêreldryke agteruitgaan en verval. Die Romeinse Ryk het floreer in handel, ingenieurswese en argitektuur. Dié Ryk se magtige militêre legioene was gebruik om hul gebiedsgrense uit te brei, maar uiteindelik het die Romeinse Ryk agteruitgegaan en in puin verval. Een van die hoofredes vir die agteruitgang was omdat die gesinslewe verbrokkel het. Toe egskeiding, owerspel en 'n weelderige lewenstyl die eenheid en waardes van die huisgesin verwoes het, het die ryk agteruitgegaan en die Romeinse karakter verswak. Hoe sou u die karakter van u volk, of u omgewing, beskryf?

In die 18e eeu het baie van die stigtersvaders van die VSA besef dat hul nuwe nasie gegrond moes wees op bestendige waardes. Hulle het besef dat hul volk die Almagtige God as die bewerker van vryheid en regering moes erken.

In Junie 1787 het Benjamin Franklin die Grondwetlike Konvensie toegesprek: "Meneer, ek het baie jare agter die rug en hoe ouer ek word hoe meer oortuigende bewyse sien ek van hierdie waarheid – dat God die mens se sake beheer.

As geen mossie op die aarde val sonder God se wete nie, is dit moontlik dat 'n ryk kan opgang maak sonder Sy hulp?" (*Journal of the Federal Convention*, James Madison, red. E.H. Scott, bl. 259-260).

Wat 'n uitsonderlike perspektief. Erken Amerika se wetgewers, kongreslede en staatsmanne in die 21ste eeu hierdie wonderlike waarheid? Westerse nasies se toekoms en oorlewing hang af van hul erkenning en aanvaarding van die Almagtige God en Sy lewenswyse!

Daniel Webster, die groot Amerikaanse staatsman, het hierdie waarskuwing gerig aangaande die toekoms van sy volk: "As daar enigiets aan te beveel is in my gedagtes of my styl, is dit te wyte aan my ouers wat my vroeg in my lewe 'n liefde vir die Skrif geleer het. As ons hou by die beginsels wat die Bybel leer, sal ons land steeds floreer en voorspoedig wees; maar as ons en ons nageslagte die Bybelse instruksies en gesag verwaarloos, kan niemand sê hoe gou 'n katastrofe ons land kan tref en al ons glorie in absolute onbekendheid begrawe nie" (*Halley's Bible Handbook*, bl.

18).

Indien ons sou lewe volgens “die beginsels wat die Bybel leer” – die Tien Gebooie – sal ons steeds voorspoedig wees, op individuele sowel as nasionale vlak. Ongelukkig sal die meeste nasionale leiers en instansies nie standpunt inneem vir Bybelse beginsels nie maar u enekkan, as individue.

Nasies gee erkenning aan God

Die Verenigde Koninkryk erken God in hul volkslied “God Save the Queen”. Dié volkslied word ook gesing in Kanada, Australië en Nieu-Seeland. Baie ander Westerse volke erken God in hul stigtingsdokumente. Die aanhef van Kanada se Grondwet van 1982, verklaar: “Aangesien Kanada gevestig is op beginsels wat die opperheerskappy van God en die gesag van die wet erken ...” Op 2 Maart 1898 is die grondwet van Australië aanvaar met dié erkenning van God: “Aangesien die inwoners van Nieu-Suid-Wallis, Victoria, Suid-Australië, Queensland, en Tasmanië, wat nederig vertrou op die seëning van die Almagtige God, ooreengekom het om te verenig in een onverdeelbare Federale Statebond onder die Kroon van die Verenigde Koninkryk van Groot Brittanje en Ierland ...”

Sal sodanige amptelike erkennings egter lei tot geregtigheid vir hierdie volke? Ons lees in die Bybel in Spreuke: “Geregtigheid verhoog 'n volk, maar die sonde is 'n skandvlek vir die nasies” (Spreuke 14:34).

Baie van die VSA se stigtersvaders het sonder twyfel geweet dat die Almagtige God die Een is wat 'n volk seën. John Adams, wat later die tweede president van die VSA geword het, het aan God erkenning gegee met die vestiging van die nuwe nasie. Hy het geglo dat die onafhanklikheid van die Verenigde State 'n grootse oomblik sou wees en skryf op 3 Julie 1776 aan sy vrou Abigail: “Ek is geneig om te glo dat toekomstige geslagte dit sal vier as die groot herdenkingsfees. Dit behoort herdenk te word as die dag van bevryding, met gewyde handeling van aanbidding aan die Almagtige God”.

Hoeveel van Amerika se leiers sal vandag met John Adams saamstem? George Washington, Amerika se eerste president, het verklaar: “Dit is onmoontlik om die wêreld na behore te regeer sonder God en die Bybel” (*Halley's Bible Handbook*, bl. 18).

Waarom glo so min van vandag se leiers daaraan? Nasies wat die heerskappy van die Almagtige God nie wil erken nie, sal Sy oordeel in die gesig staar. Thomas Jefferson wie die derde president van die VSA geword het, het die verskriklike gevolge voorsien as God se heerskappy verwerp word: “God wat aan ons lewe gegee het, het aan ons vryheid gegee. Kan ons nasie dink ons vryhede is verseker wanneer ons die enigste stewige grondslag daarvan verwyder, daardie oortuiging in die volk se wete dat hierdie vryhede 'n gawe van God

is? Dat oortreding van dié vryhede, God se gramskap tot gevolg sal hê? Ek vrees inderdaad vir my land wanneer ek nadink oor God se billikheid en dat Sy geregtigheid nie vir ewig slaap nie”. 'n Gedeelte van hierdie aanhaling uit sy *Notes on the State of Virginia*, is uitgebeitel teen die muur van die Jefferson Gedenkteken in Washington, D.C.

God, lewe en vryheid

Ja, die God wataan ons lewe gegee het, het aan ons vryheid gegee. Het ons, in Jefferson se woorde, die “enigste stewige grondslag” van daardie vryheid verwyder? Indien wel, behoort ons ons te bekeer – op nasionale sowel as persoonlike vlak. Ons behoort die Almagtige God te erken as die ware bron van vryheid, seëninge en voorspoed. God openbaar Sy lewenswyse in die Heilige Skrif. Die Bybel is die Woord van God, en gee ongelooflike waarhede en begrip aan diegene wat hul daartoe sal verbind om volgens daardie Woord te lewe. Soos Jesus gesê het: “Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4).

Die Bybel wys ons 'n suiwer manier van leef – daardie lewenswyse wat oorfloedige seëninge meebring. Soos Jesus gesê het: “Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorfloed kan hê” (Johannes 10:10).

Hoe geniet ons daardie lewe

van oorvloed? Daar is 'n oorsaak vir elke gevolg! U Bybel bevestig hierdie lewenswaarheid. “Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai” (Galasiërs 6:7-8).

Ja, ons moet geestelik ingestel wees – nie op vleeslike dinge nie – so vermaan die apostel Paulus (Romeine 8:6). Wat bring egter 'n lewe van oorvloed te weeg? 'n Jong man het dié vraag aan Jesus gestel: “Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?” Was Jesus se antwoord: “Jy hoef niks te doen nie?” Nee! Jesus het gesê: “Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, naamlik God. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie. Hy vra Hom: Watter? En Jesus sê – dit: Jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie egbreek nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie; eer jou vader en moeder; en: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Mattheüs 19:16-19).

Glo u u Bybel? Glo u wat Jesus gesê het? Vandag word die Tien Gebooie aangeval. Die Verlosser van die wêreld, ons toekomstige Koning van die konings en Here van die here, het daardie gebooie onderrig. Ons huidige moderne Westerse wêreld verwerp egter daardie gebooie al hoe meer, en verval net verder in immoraliteit.

Net soos wat God die

Skepper is van die natuurwette in fisika en chemie, is Hy die Wetgewer van geestelike wette. Daardie wette is net so werklik as die natuurwette! Een van die temas wat van die begin tot die einde van die Bybel verduidelik word, is dat gehoorsaamheid aan God se wette lei tot seëninge. Ongehoorsaamheid aan daardie wette bring vloeke en strawwe mee. Lees net 'n bietjie Deuteronomium 28 en Levitikus 26. Dié hoofstukke is bekend as die “seëninge en vervloeking” hoofstukke. Let ook op na die heel laaste hoofstuk in u Bybel. Jesus, die Messias, kondig aan hoe skielik en onverwags Hy sal terugkeer na die aarde – dit wat die Wederkoms genoem word. Let op wie geseën sal word en wie nie. “En kyk, Ek kom gou, en My loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Salig is die wat Sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Maar buite *is* die honde en die towenaars en die hoereers en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen” (Openbaring 22:15-22).

Oorsaak en gevolg

Ja, daar is oorsaak en gevolg in die lewe. Wanneer ons die regte oorsaak navolg, kan ons die regte gevolg geniet. Wanneer ons immoraliteit beoefen, het dit pynlike gevolge. Die Almagtige God het die Tien

Gebooie gegee sodat ons liefde aan Hom en liefde aan ons medemens kan betoon.

U het dalk nog nie só hieroor gedink nie: Die eerste vier gebooie wys hoe ons liefde aan God moet betoon, en die laaste ses hoe ons teenoor ons medemens liefde moet betoon. Jesus het uitdruklik hierdie twee groot gebooie verduidelik. Toe 'n skrifgeleerde Hom vra: “Wat is die eerste gebod van almal?” was Jesus se antwoord: “Die eerste van al die gebooie is: Hoor, Israel, die Here, onse God, is 'n enige Here; en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod. En die tweede, hieraan gelyk, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie” (Markus 12:28-31).

Hierdie is die groot **gebooie**, nie die groot *voorstelle* nie. Hulle verduidelik wat bitter min mense op aarde werklik verstaan as die doel van menslike bestaan. God wil hê dat ons vir alle ewigheid moet deel wees van Sy goddelike gesin. Hy is die Vader na wie die hele gesin in hemel en op aarde vernoem is (Efesiërs 3:15). Die grondslag vir daardie goddelike gesin is liefde. Ons moet leer om liefdevolle verhoudings te ontwikkel. God **is** liefde (1 Johannes 4:8, 16). Daarom sê die Almagtige God in die eerste van Sy Tien Gebooie: “Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie” (Eksodus 20:3). Ons bewys ons liefde aan die ware God wanneer ons vals gode verwerp.

Die ou Egiptiese Ryk het die Israelitiese volk aan slawerny onderwerp. Miskien het u die klassieke rolprent, *The Ten Commandments*, van Cecil B. DeMille gesien. God het die vals gode van Egipte met tien plaes veroordeel en die Israeliete verlos uit slawerny. Terwyl Moses sy volk na die Rooi See gelei het, maak Farao en sy leër gereed om hulle aan te val. Wat het Moses aan die Israeliete gesê? "Maar Moses het aan die volk gesê: Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die HERE wat Hy vandag vir julle sal bewerk; want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie. Die HERE sal vir julle stry, en julle moet stil wees" (Eksodus 14:13-14). Toe trek die Israeliete deur die see op "droë grond" (vers 22). God het die Israeliete bevry, maar die Egiptiese leër is agter hulle verswelg toe die opgedamde water weer teruggestort het. Die slawe was toe vry! Na etlike weke het Moses en die Israeliete by die berg Sinai aangekom. Die berg het geskud. Donderweer en weerlig en 'n harde trompetgeskalm het die toneel ingerig. God het met die hele volk gepraat en aan hulle die Tien Gebooië gegee. Later het Moses die Tien Gebooië op twee kliptafels ontvang, met God se vinger geskrywe (Eksodus 31:18).

Wat het Jesus Self egter gesê oor die Tien Gebooië? Ons het vroeër gesien dat Jesus uitdruklike opdrag gegee het aangaande die gebooië. Jesus

het gesê: "Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooië" (Mattheüs 19:17). Glo u u Verlosser? Of glo u die vals argumente wat sê dat die gebooië afgeskaf is? Jesus Christus is aan die kruis vasgespyker – nie Sy Gebooië nie! U sondes is simbolies aan die kruis vasgespyker. Maar, as die wet afgeskaf is, dan is daar geen sonde meer nie, en wetteloosheid kan seëvier. Die gebooië definieer wat sonde is. Ons lees: "Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid" (1 Johannes 3:4). Of, "Elkeen wat sonde doen, oortree die wet van God. Sonde is immers oortreding van die wet van God" (vers 4, NV). Ja, sonde bestaan steeds, en God se Wet bestaan steeds. Die boek aan die Romeine bevestig ook dat die gebooië steeds toepaslik is. "Want die wet werk toorn; maar waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding nie" (Romeine 4:15).

Elke mens wat nog ooit geleef het – behalwe Jesus Christus – het gesondig. Soos die apostel Paulus geskryf het: "... want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van God" (Romeine 3:23). Ons verdien almal die doodstraf vir ons sondes. Paulus het ook geskryf: "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here" (Romeine 6:23).

Ons moet ons bekeer!

God het aan ons Sy Seun

gegee om ons sondeskuld te betaal. Jesus, die Seun van God, het Sy bloed uitgestort om vir ons sondes te betaal. Ons sondes kan vergewe word! Maar, ons moet ons bekeer van ons sondes, Christus se gestorte bloed aanvaar, en Hom as ons Here en Lewende Verlosser aanvaar. Toe die Nuwe-Testamentiese Kerk begin is op Pinksterdag, het die apostel Petrus aan die skare gesê: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38). In reaksie op Petrus se preek is drieduisend mense daardie dag gedoop (vers 41)!

As u die ware Bybelse doop bestudeer het en daardie punt in u lewe bereik het waar u berou tot bekering ervaar, Christus se offergawe en Sy gesag oor u lewe aanvaar, vra ek u om een van ons leraars te kontak. Ons het verteenwoordigers in baie lande. Skryf gerus aan die streekkantoor naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif), en een van ons leraars sal u graag ontmoet, waar en wanneer dit u pas, om hierdie lewensbelangrike saak verder met u te bespreek.

Ons moderne Westerse wêreld verwerp al hoe meer die Tien Gebooië en verval net dieper in immoraliteit. Hoe erg is die immoraliteit egter werklik? Verwys na "*Moreel aanvaarbaar?*" hieronder. Selfs sommige belydende Christene keur optredes goed wat volgens die Bybel se definisie onsedelik

is! Die sewende gebod sê uitdruklik: “Jy mag nie egbreek nie” (Eksodus 20:14). Jesus het die gebooië uitgebrei en hulle meer bindend gemaak. Ons moet nie bloot fisiese owerspel vermy nie, maar moet ook owerspel van die hart en denke vermy. Jesus het gesê: “Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het” (Mattheüs 5:27-28).

Pleeg u geestelike owerspel in u gedagtes en met u oë? Pornografie deurdrink ons samelewing, dit lei tot perversie en seksuele slawerny in baie dele van die wêreld. Ons Westerse wêreld bevorder pornografie deur middel van die Internet en die vermaaklikheids-media. As u uself oortuig het dat oorgawe aan pornografie aanvaarbaar is, behoort u u

daarvan te bekeer! U behoort u geestelike owerspel aan God te erken. Die gevolg van sonde is die dood! U kan vergifnis verkry, maar dan behoort u u te bekeer en u gedagtes en u lewe te verander! U behoort u Bybel te bestudeer en leer om u gedagtes en lewe te suiwer! Ons behoort moderne **immoraliteit** te verwerp en die lewenswyse van die Bybel en die Tien Gebooië te kies.

Die VSA se president John Adams, het geglo dat die Amerikaanse regering net behoorlik kon funksioneer vir 'n volk met sedelikheid. Hy het geskryf: “Ons het nie 'n regering bewapen met mag om menslike passies te beheer wat nie deur moraliteit en godsdienstige betoel kan word nie. Gierigheid, ambisie, wraak of gallanterie, sal die sterkste bande van ons Grondwet verbreek net soos 'n walvis deur 'n visnet breek. Ons Grondwet is slegs opgestel vir 'n

morele en godsdienstige volk. Dit is heeltemal onvoldoende vir die regering van enige ander tipe volk” (*Letter to Massachusetts Militia*, 11 Oktober 1798).

Sal ons as Bybelse morele en godsdienstige volke lewe? Die Nuwe Verbond wat Jesus ingestel het, het nie God se gebooië afgeskaf nie. Die Nuwe Verbond beklemtoon dat die gebooië – die lewenswyse van liefde – in ons hart en denke geskryf moet wees (Jeremia 31; Hebreërs 8:10). God verwag dat ons die Tien Gebooië in ons daaglikse lewe sal uitleef en die gebooië deel van onself maak. Hoe? Deur Christus wat Sy lewe in ons leef (Galasiërs 2:20).

Sal u swig voor die aantreklikheid van “moderne moraliteit”, of sal u God se lewenswyse kies – en, met Christus se hulp, volgens Sy Tien Gebooië leef? **WYM**

Moreel aanvaarbaar?

In Amerika is daar wye aanvaarding van oorgawe aan vele handelswyses wat volgens Bybelse standaarde onsedelik en immoreel is:

Handeling	Persentasie aanvaarding
Dobbelary	61
Saamblyery	60
Seksuele fantasering	59
Aborsie	45
Owerspel	42
Pornografie	38
Godslastering en gevloekery	36
Dronkenskap	35
Homoseksuele seks	30
Gebruik van nie-voorgeskrewe dwelms	17

Bron: *Morality Continues to Decay*, Barna Research, November 2003

Herrysende Duitsland: 'n Vierde Reich?

Deur Douglas Winnail

Wat hou Duitsland se toekoms in? Bybelse profesieë werp lig op die Duitse geskiedenis om belangrike leidrade te verskaf!

Duitsland het verstommende vooruitgang gemaak sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog. In 1945 was die hele nasie – verdeel tussen Oos en Wes – in 'n neerlaag platgeslaan, die drome van wêreldoorheersing gefnuik, sy ekonomie aan flarde en sy stede omskep in puinhope.

Ses dekades later het die Duitse ekonomie weer herstel. Nadat die land weer verenig is in een magtige nasie, is dit nou tussen die wêreld se grootste en sterkste. Duitsland se lone en lewenstandaarde is van die hoogste in die wêreld. Dit wil voorkom asof die land se voormalige militarisme vervang is deur 'n vredeliewende demokrasie – wat 60 jaar gelede ondenkbaar sou wees.

In baie lande sluimer daar egter nog steeds wantroue en selfs vrees teenoor Duitsland, soos wat die *Financial Times* se rubriekskrywer, Gideon Rachman, vroeër hierdie jaar opgemerk het. Daardie wantroue skyn egter te vervaag. “Dit help dat Angela Merkel, die kanselier, omtrent so ver as

moontlik verwyder is van die spotprent van 'n gestewelde Pruis,” het Rachman opgemerk (*Financial Times*, 16 Julie 2007).

Maar, is dit *geregverdig* om Duitsland te vrees soos wat die 21ste eeu ontvou? Sal 'n “Vierde Reich” verrys? Sal ons 'n “ver-Europeesde” Duitsland sien saamsmelt in die struktuur van 'n verenigde kontinent, of sal Duitsland weer probeer om Europa te domineer en sy invloed op die wêreld uit te oefen? Terwyl baie mense aanvaar dat dit onmoontlik is om die toekoms te voorspel in die ingewikkelde veld van internasionale verhoudings, is dit eenvoudig nie waar nie! Die Bybel skets die toekomstige koers van wêreldgeskiedenis deur die handeling van spesifieke nasies te *voorspel*. Een sleutel om Bybelse profesie te verstaan is om die nasies wat betrokke is, te identifiseer. Geskiedkundige anale voorsien belangrike leidrade aangaande nasionale oorsprong en die **nasionale karaktertrekke wat deur die eeue heen konstant gebly het, voorsien ook**

belangrike leidrade. Soos ons sal sien kan Duitsland geïdentifiseer word in die profesie van die Bybel, en die toekomstige koers wat dit sal inslaan kan dus bekend wees. Daardie identiteit is *verrassend* en die toekoms *kommerwekkend* – op die korte duur altans – maar baie opwindend in die uiteindelijke voltoering van God se plan vir die mensdom.

Rede vir kommer

Wat gesoute waarnemers bekommerd maak is dat hierdie merkwaardig begaafde nasie ander *unieke* en *onheilspellende* neigings openbaar. Arnulf Baring het Duitsland akkuraat beskryf as 'n “land van belowende beginne, *dramatiese veranderinge* en skielike ineenstortings” en as 'n “land met 'n nimmereindigende reeks van *verrassende beginne* en *ewe verrassende finales*”. (*Germany's New Position in Europe*, bl. 2). Baie moderne Duitsers is bekommerd dat 'n ontwikkelende krisis hulle nuut-verenigde land “terug in die

voortsetting van die Duitse geskiedenis sal dompel” (ibid., bl. 10-11). Daardie geskiedenis, gesien uit die perspektief van eeue, openbaar 'n merkwaardige tendens om **periodieke en dramatiese transformasies in die nasionale karakter te ondergaan**.

Baie skrywers het al hierdie kommerwekkende verskynsel van “die wispelturige Duitsers” beskryf. Toe Luigi Barzini Berlyn in die vroeëre 1930's as oorlogskorrespondent besoek het, het hy 'n stad gesien wat die “artistieke hoofstad van Europa” was, “gevol met avant-garde kunsuitstallings, baanbreker rolprente en allerhande soorte eksperimente” (*The Europeans*, bl. 75). 'n Paar jaar later, nadat die Nazi's aan bewind gekom het, het hy 'n heel ander Berlyn gesien, oorvol “stywe mans in silwerskoon uniforms”, stemmige besigheidslui, elegante dames en families (ibid., bl. 78). Barzini merk op: “Ek het 'n **vreemde, smeebare land gesien wat 'n nuwe voorkoms** deur die **Nazi's gegee is**” (ibid., bl. 78). Hy vervolg: “Die vreesaanjaendste van alles was die jong, gesonde, skoongewaste gesigte van die soldate, hulle oë glinsterend van fanatieke geloof as hulle verby marsjeer, terwyl hulle krygsliedere sing”.

Dit is hierdie tendens tot *militaristiese transformasie* wat die grootste kopseer is rakende die Duitse volk. *Talle kere* in die geskiedenis het Duitse soldate vanuit Duitsland oor die hele Europa gemarsjeer as 'n

“meedoënlose, onstuitbare oorlogsmasjien”. Die Tweede Wêreldoorlog het in 1939 begin toe Hitler openlik ooreenkomste met sy buurlande verbreek het. Keur Panzer tenkeenhede het die Duitse *blitzkrieg* (weerligoorlog) gelei. U-bote het soos *troppe wolwe* in die Atlantiese Oseaan jag gemaak op skepe en nuut ontwikkelde U-2 vuurpyle op Engeland laat reën en dood en verwoesting gesaai. Miljoene Jode, Tsjegge en Pole is *gedeporteer* om slawearbeid in Duitse fabriekete verrig en het grootskaalse *volksmoord* in die konsentrasiekampe in die gesig gestaar!

Die Duitse oorlogsmasjien van die Tweede Wêreldoorlog staan *ongeëwenaard* in die moderne Westerse beskawing vir hul doeltreffendheid, vernielsugtigheid en brutaliteit. Maar, *waarom* het Duitsland in tirannie verval? Waar kom daardie neigings vandaan? Kan dit weer gebeur?

Verbloeming van Duitse afkoms

Die geskiedenis voorsien merkwaardige insigte in die oorsprong en nasionale karaktertrekke van die Duitsers. Gekoppel aan Bybelse profesieë, gee hierdie insigte aan ons 'n godsdiensige *geopende venster* op Duitsland se toekoms. Historiese bronne dui aan dat die Duitse stamme afstam van Indo-Europeane wat migreer het vanuit die landstreke rondom die Swart- en die Kaspiese See, waar hulle “bure

van die Hebreërs was” (*Natural History*, Pliny, Bk. 4, 12). Julius Caesar (60 v.C.) en die Romeinse historikus, Tacitus (98 v.C.), verwys na die stamme wat langs die Rynrivier gewoon het as *Germanii*. Tacitus skryf dat die Germaanse mans “geen sin vir vrede” gehad het nie en hulle tyd spandeer het in oorlogsugtige vervolgings. Volgens die vroegste verslae, was die Germaanse gemeenskap ingestel om oorlog te voer – en hulle het 'n ernstige bedreiging ingehou vir die Romeinse leër.

Die geskiedenis openbaar duidelik dat die Germaanse stamme Romeinse gebruike *geabsorbeer* het (imperialisme, totalitarisme en die godsdiens van 'n “verchristelike” ryk). Hulle het die “erfgename van Rome” geword met die totstandkoming van die “Heilige” Romeinse Ryk onder Karel die Grote en die Duitse konings (*Germany: 2000 Years*, Reinhardt, bl. xxiii, 43). Om te vind dat Duitsland vandag 'n leidende rol speel in die pogings om Europa te verenig, is geen verrassing nie. Hierdie idee was deel van die Duitse kulturele erfenis vir meer as 'n duisend jaar!

Die Mag van idees

Wat kan egter die rede wees vir Duitsland se neiging om telkens dramatiese transformasies in hul nasionale karakter te ondergaan? Waarom het so baie Duitsers geval vir die “heersersras” idee en die vernietigende beleidsrigting van

Hitler se Derde Reich? Die antwoord is gedeeltelik te vind in die *kulturele geskiedenis* van Duitsland. Dit word beweer dat die karakter van individue en nasies hulle lotsbestemming bepaal. Die karakter van 'n nasie word gevorm deur die *gods-dienstige* en *filosofiese idees* van sy mense (ibid., bl. xxiv-xxvii). Idees en ideologieë het die kulturele en politiese gebeurlikhede in Duitsland “miskien meer beïnvloed as in enige ander land in Europa” (ibid., bl. xxvi).

Die hoofgode van die Duitse mitologie – Thor en Odin/Wodin – vertoon opvallend uiteenlopende karaktertrekke. Thor is 'n *vreedsame* god van seisoene en weiding, maar is ook 'n **god van oorlog**. Thor kombineer in homself *twee teenstrydige persoonlikhede* – die “kontrasterende elemente van vriendelike voogdskap en donker, gevaarlike irrasionaliteit” (ibid., bl. 15). Odin is 'n god van dood, storm en die slagveld, maar ook van wysheid en toewerkuns. Odin openbaar “onberekenbare en onpeilbare irrasionaliteit. Hy vernietig helde, beskerm lafaards, saai tweedrag tussen vriende ... Hy verander sy geneenthede en verbintenisse en *laat vriende in die steek wanneer hulle hom die nodigste het*” (ibid., bl. 15).

Deur die eeue heen het Duitsland dieselfde neiging tot dramatiese veranderings in die nasionale koers getoon. Gevorm deur 'n mitologie wat geen werklike doel of betekenis vir die lewe bied nie, laat dit die

Duitsers soekend na 'n doel (ibid., bl. 15). Daardie leemte was eens gevul deur die Heilige Romeinse Ryk en in die vorige eeu deur Hitler se Nasionale Sosiaalistiese Beweging. Deesdae is die eenwording van Europa vir baie Duitsers hulle doel om te bestaan.

Antieke Duitse filosofie spoor die Duitsers aan tot 'n “drang na avontuur en 'n liefde vir oorlogvoering” wat hulle dikwels *onbewus maak het van menslike oorwegings en inhibisies*. Hulle martel misdadigers ... verbreek plegtige, geswore ooreenkomste sonder gewetensbesware” (ibid., bl. 10). Histories het die Duitse sin vir eer, vergelding opgehemel. In die Duitse tradisie was lojaliteit, eer en heldemoed meer belangrik as nederigheid, medelye en liefde tot die medemens soos deur Christelike beklemtoon word. Hierdie fundamentele konflik tussen tradisionele kulturele invloede en die Judees-Christelike waardes begin om die rigting, wat die Pruisies-Teutoniese magte ingeslaan het, te verduidelik.

Leiers maak 'n volk

Hierdie kragtige mengsel van idees, tradisies en geleenthede skyn in die lewens van diegene wat die Duitse geskiedenis gevorm het, ingewef te wees. Die Duitse grondgebied was deel van gebiede wat Karel die Grote verower het in sy poging om die *Romeinse Ryk weer saam te*

stel. Karel die Grote was 'n magtige krygsmannet met 'n grootse idee. Hierdie selfde idee om Europa onder die banier van Christendom te verenig, het ook in die harte van die eerste Duitse keisers van die Heilige Romeinse Ryk gebrand: Otto die Grote en Frederick Barbarossa (Frederick 1 van Hohenstauffen – verklaar as die “meester van die wêreld”). Onder hierdie sterk krygsmanne het die Duitsers die magtigste koninkryk in die hele Europa geword (960-1150 n.C.). In die vroeë 1700's het Frederick Wilhelm 1 van Pruise die militaristiese koers van moderne Duitsland laat herleef. Deur sy Hohenstauffen-familie se tradisie, dat grondgebied en militêre mag die sleutels tot nasionale mag is, te volg, het hy voortgegaan om die sterkste en bes-opgeleide weermag in Europa op te bou. Toe hy oorlede is, was Pruise erken as die *deeglikste gemilitariseerde moondheid* in Europa, asook die mees selfvoorsienendste en vooruitstrewendste.

Frederick Wilhelm 1 se seun, Frederick die Grote, het Pruise in die “paradegrond” van Europa omskep, asook in 'n eersterangse moondheid. (*Jackboot*, Laffin, bl. 6-7). Frederick was 'n administrateur met visie en het 'n gesentraliseerde regering en 'n professionele staatsdiens ingestel om sy uitbreiende ryk te administreer. Frederick die Grote was ook 'n opportunist wat uit sy foute geleer het. As koning het “hy geen erg gehad aan die formaliteit van internasionale

wet nie”, “*hy het lande binne-geval sonder om oorlog te verklaar*” en dan later voorwendsels bedink om sy gewensde avonture te regverdig (Ibid., bl. 15). Vir Frederick was oorlog 'n ernstige saak – om so vinnig en doeltreffend moontlik gewen te word. Hy het voorkeur gegee aan verrassings-taktieke, geslepenheid en vermetelheid wanneer hy vyande van groter sterkte aangedurf het. Hy het sy teenstanders verstom met sy “vermoë om voortdurend te herstel en weer op te staan” (ibid., bl. 18). Frederick het sy bewind as 'n humanitêre koning begin, slegs om verander te word in 'n meedoënlose “hamer van die wêreld” – en het vroeëre Fredericke nageboots (lees Jeremia 50:23).

Die Pruisiese invloed

Die Pruisiese militaristiese tradisie het by die Hohenzollerns begin en uiteindelik die hele Duitsland deurdring. Na Pruise se nederlaag teen Napoleon is die Pruisiese leër geherorganiseer. Gerhard von Scharnhorst, 'n briljante teoretikus en organiseerder, het militêre akademies gestig, 'n nuwe tipe weermag tot stand gebring en die basis gelê vir wat die *groot Duitse Generale Staf* geword het. Hierdie groep professionele soldate het vir oorlog beplan selfs in tye van vrede en het toekomstige geslagte van offisiere voorberei. Onder Scharnhorst se bestuur, is die *hele bevolking* van Pruise met die doelstelling en glorie van

oorlog geïndoktrineer.

Scharnhorst se mees-toegewyde leerling, Karl von Clausewitz, het geglo oorlog is maar net 'n voortsetting van staatkunde deur ander middele – 'n standpunt wat weerspieël word in Bismarck se beleid dat “die groot vraagstukke van die dag nie deur resolusies of meerderheidstemme opgelos sal word nie, maar deur *bloed en yster*” (Barzini, bl. 71). Dit is hierdie Pruisiese tradisie – *outoritêr, antidemokraties, militaristies en ekspansionisties* – wat die weg gebaan het vir die opkoms van Imperiale Duitsland, die Nazi's, en die militêre avonture, wreedhede en rampe van die Derde Reich.

Hiterse opgang na mag was gedurende die onrus van 'n wêreldwye depressie, maar hy het sy idees geput uit *lankbestaande* Duitse waardes en tradisies. Duitsland se oorlog-sugtige gedrag en verheerliking van oorlog – wat lank gelede deur die Romeine opgemerk was – *duik gereeld* in Duitse geskiedenis op. Waar het die Duitsers egter hulle behepthed met presiesheid en militaristiese gedrag wat hulle nasionale karakter so onderskei, ontwikkel? Wie was die voorsate van die Germaanse stamme wat migreer het vanaf die kusgebiede van die Swart- en die Kaspiese See?

Opvallende ooreenkomste

As u 'n kaart bestudeer wat die Swartsee en die Kaspiese See aantoon en ook verskeie

geskiedenisboeke naslaan om vas te stel watter nasies daardie area van die wêreld in die eerste en tweede eeue v.C. bewoon het en wat militaristiese eienskappe soortgelyk aan dié van die Duitsers openbaar het, sal u gou baie interessante feite ontdek. Daardie gedeelte van die wêreld was gedomineer deur **Assirië** en die buurkoninkryk van die Hetiete. Lees gerus wat historici en argeoloë aangaande hierdie antieke nasies te wete gekom het. Let op hul kenmerkende nasionale karaktereieenskappe. Vergelyk dit met daardie eienskappe wat die Duitsers vir byna 2 000 jaar onderskei het. Dit sal u nie lank neem om te besef dat u op iets afgekom het nie! Die mees uitstaande eienskap van Assirië en die Hetiete wat hulle onderskei het van hulle tydgenote, was hulle militarisme wat hulle in staat gestel het om 'n ryk tot stand te bring en te handhaaf. Die Assiriese leër was die *magtigste* wat die antieke wêreld ooit gesien het.

Die Hetiete se mag het ook op hul militêre vaardigheid berus. Net soos die Pruise en Duitsland, was Assirië ook gesien as 'n nasie van krygers en die Assiriese regering was *hoofsaaklik* 'n instrument van oorlog. Die Assiriërs het 'n sterk gesentraliseerde vorm van regering onder 'n alleenheerser ontwikkel. Aanvanklik het Assirië se verowerings vir hulle belangrike handelsroetes en die beheer daarvoor verkry ten einde die ontluikende *ekonomiese eenheid* van die Nabye Ooste te

omskep in 'n *politieke eenheid* – soos ons dit vandag in Europa vind! Die militêre taktieke van die Assiriërs en Hetiete het, net soos dié van Duitsland en Pruisie, klem gelê op vinnige troepe-bewegings en verrassingsaanvalle. Elkeen het 'n reputasie verwerf dat hulle die tegnologie van oorlogvoering bevorder het – strydwaens, ruitery, tenks, duikbote en vuurpyle.

Net soos die Duitsers tydens verskeie tye in hul geskiedenis, was die Assiriërs ook berug vir dade van buitensporige wreedhede – verblinding of verminking van slagoffers, opeenhoping van koppe of lyke – om verowerde volke te intimideer en te beheer. Beide nasies het verowerde volke as ballinge op groot skaal na verskillende streke *weggevoer* om dwangarbeid te verkry en die moraal te verbreek. Volksmoord was ook deur beide volke beoefen. Die Assiriese kuns en literatuur verheerlik die vernielsugtigheid en brutaliteit van oorlog. Feitlik dieselfde kan gesê word van die geskrifte van Von Clausewitz en ander Pruisiese en Duitse skrywers.

Die omliggende nasies het uiteindelik saamgestaan en Assirië oorwin – net soos die geallieerde nasies Duitsland twee keer in die twintigste eeu verslaan het. Assirië se skielike ineenstorting hou probleme in vir historici. Dit lyk of die Assiriërs in die newels van die geskiedenis verdwyn het in die omstreke van die Swartsee. Interessant genoeg, het die voorsate van die

Duitsers uit daardie selfde gebied te voorskyn gekom. Die meeste moderne historici is huiwerig of faal om die verdwyning van die Assiriërs en die ontluiking van die Germaanse stamme met mekaar in verband te bring. Duitsland se kulturele geskiedenis en nasionale karakter stem ooreen met dié van Assirië soos geen ander nasie s'n nie.

Beide Assirië en Duitsland staan *uniek* in die geskiedenis om presies dieselfde redes: Deeglike gemilitariseerde gemeenskappe, verheerliking van oorlog, brutaal-doeltreffende leërs, opsetlik berekende dade van uiterste wreedheid, grootskaalse ballingskappe, slawe-arbeidkampe en volksmoord – alles met ongelooflike doeltreffendheid sentraal geadministreer. Die geskiedenis van beide hierdie nasies toon periodes van kragtige militêre herlewing na periodes van verval. Hierdie ooreenkomste is *opvallend en uniek* in die verloop van die menslike beskawing!

Meer aanknopingspunte

Die Assiriese Ryk het ontwikkel uit die stadstaat van Assur, (vernoem na Assur, 'n seun van Sem – een van Noag se drie seuns – lees Genesis 10:1, 22). Assur was 'n broer van Arpagsad – 'n voorvader van Abraham, wat weer die voorvader van die Hebreërs was (Genesis 11:10-26). Dus, egte Assiriërs en die afstammeling

van Abraham (die Israeliete) is verwante volke. Die naam Assur beteken “leier” of “sukcesvol”. Josephus, wat in die eerste eeu n.C. geskryf het, meld dat die Assiriërs die “voorspoedigste nasie, bo al die ander, geword het” (*Antiquities of the Jews*, 1:6:6). Gesien in die lig van hulle vermoëns en bydraes tot die Westerse beskawing, geld dit ook vir die Duitsers. Assur was aanbid as die hoofgod van Assirië – die god van oorlog – en was uitgebeeld as 'n songod met 'n gevleuelde skyf. Beide die gevleuelde skyf en die *swastika* was ook deur die Hetiete gebruik. Die swastika is 'n simbool vir die son, mag en energie, **Thor se hamer** en die god van die weer en storms. 'n Antieke swastika was gevind op 'n leiklipblad voor 'n tempel van Assur (*In Search of ... the Origin of Nations*, White, bl. 311).

Die Hetiete en die Assiriërs het ook 'n tweekoppige arend gebruik om die gode van die lug – storm, donder en die son – te simboliseer. Hierdie simbole het weer hul verskyning gemaak in die kultuur van Duitsland, Pruisie, Oostenryk en veral in die Derde Reich. Die Hetiete (wat deur Assirië oorwin en opgeneem is) toon ook duidelike taalkundige en kulturele verbintenisse met twee van die Germaanse stamme – die Hesse en die Pruisie. Selfs nog meer interessant, soos wat historikus Josef Bihl opmerk, is die legende dat Trier, die oudste stad in Duitsland, deur Trebeta, die seun van 'n Assiriese koning met die naam van Ninus, in

omtrent 2000 v.C., gestig is (*In Deutchen Landen*, Bihl, bl. 69). Besoekers kan steeds die inskripsie op 'n historiese huis in Trier se markplein lees, wat aandui dat daardie Assiriese kolonie 1 300 jaar voor Rome gestig is.

Sommige historici het die Assiriërs beskryf as die “Pruise van die Antieke Wêreld” (*The Ideal of Destiny*, McCulloch, bl. 224), onderhorig aan gesentraliseerde outoriteit, met 'n “diepgewortelde gevoel van meerderwaardigheid” – die idee van 'n “heersersras” te wees (*Mass Deportations and Deportees in the Neo-Assirian Empire*, Obed, bl. 89). Die Assiriërs was uitermatig nasionalisties met 'n “sterk gevoel van deelname aan 'n gemeenskaplike en eie lewenswyse” (ibid., bl. 66) – soortgelyk aan die Duitse idee van 'n volk. Na die val van die Assiriese Ryk, maak die Romeinse historikus, Pliny, melding van 'n stam van die “Assyriani” wat tussen die Skithiese volke in die Krim, noord van die Swartsee, was (*Natural History*, Bk IV, XII. 81). Die historikus, Jerome, wat in die vierde eeu n.C. geskryf het, sê dat die afstammeling van Assur tussen die Keltiese-Skithiese-Hun hordes was wat destyds Europa binnegevaar het (*Nicene and Post-Nicene Fathers*, Jerome Letter 123, section 16). Navorsers Leon Poliakov maak melding van die antieke Bavariëse weergawe dat die volk van Bavarië na sentraal Europa gekom het

vanaf die gebied van Armenië by die Swartsee (*The Aryan Myth*, bl. 76). As ons hierdie inligting oorweeg is dit nie verrassend om te vind dat Middeleeuse Arabiese skrywers die Duitsers as “Assiriërs” beskryf het nie (*Israelites and Hyksos*, Germol, bll. 89-90). Skakels tussen Duitsland en Assirië kan verseker gevind word en is nóg vergesog, nóg verbeeldingsvlugte.

Duitsland in profesieë

Presies wat is die betekenis van hierdie opvallende ooreenkomste tussen antieke Assirië en Duitsland? Talle Bybelse profesieë toon duidelik aan dat **Assirië weereens 'n beslissende rol in wêreldgebeure sal speel** teen die einde van hierdie tydperk, net voor Jesus Christus se Wederkoms (lees Jesaja 10 en 11). Tog, toe die Mede, Babiloniërs en Skithiërs Assirië oorwin het in 612 v.C., is die regerende klas versprei na die noorde, ooste en weste, en het die oorwonne volke wat die Assiriërs as slawearbeiders ingevoer het, agtergely. Sommige van hierdie mengelmoes van volke kan vandag gevind word in Irak, Sirië en die Kaukasus. Die Assiriese nasie het opgehou om te bestaan, maar geskiedenis en profesieë bevestig dat sy kulturele erfenis nagespoor kan word tot by die moderne nasie van Duitsland. **Wanneer die Bybel van Assirië in die eindtyd praat, word daar van Duitsland gepraat.** Hierdie

beskrywing pas geen ander moderne nasie so volledig nie.

Duitsland se herstel tot 'n magtige moondheid in die jare na die Tweede Wêreldoorlog is geen toevalligheid nie. Meer as 2 500 jaar gelede het God voorspel dat Hy sekere gebeurtenisse sal laat plaasvind om Sy doel te bereik (Jesaja 46:9-10; Openbaring 17:17). Duitsland is weereens die *leidende mag* in die pogings om die nasies van Europa te verenig. Hierdie gebeure wat nou besig is om plaas te vind, sal lei tot die tien-nasie moondheid van die Dier wat weer sal herrys uit die asse van die Romeinse Ryk (Openbaring 17:9-14).

Die Bybel toon dat Duitsland weer 'n keer godsdiens sal gebruik as hulpmiddel om 'n verenigde Europese moondheid saam te snoer (Openbaring 13; 17:1-7), soortgelyk as dit wat onder Karel die Grote vermag is. Hierdie ontluikende struktuur sal in 'n globale ekonomiese mag ontwikkel (Openbaring 18:2-3, 9-14) en sal daardie mag vir politieke doeleindes aanwend. Dit sal in die begin lyk asof dit 'n vreedsame mag is, maar sal *verander* word in 'n gulsige, oorlogvoerende dier (Daniël 11:21; Openbaring 13:2-3; Openbaring 17:12-14). Daniël beskryf hierdie koninkryk van die eindtyd as 'n sterk, wreedaardige dier met “*tande van yster*” wat deur Christus met Sy Wederkoms oorwin en gestraf sal word (Daniël 2:40-45; 7:7, 19-23).

Tog, so verbasend as wat dit mag voorkom, voorspel die

Bybel ook dat God uiteindelik Assirië – die merkwaardige Duitse volk – sal gebruik as 'n leidende nasie vir vrede in die komende koninkryk van God (Jesaja 19:23-25). God sal die uitstaande intellektuele en kulturele sterk punte van die Duitse volk gebruik om die

wêreld te verryk gedurende die komende duisendjarige heerskappy van Jesus Christus. Soortgelyk aan al die ander volke van die wêreld, het die Duitsers ook in hul nasionale karakter sterk punte sowel as swakhede. Net soos wat God die moderne afstammeling van

Assirië sal gebruik om eindtydse profesieë in die jare wat nou vlak voor ons lê te vervul, sal Hy in die Wêreld van Môre die merkwaardige sterk punte van die Duitsers benut om hul medemens te **dien!** **WvM**

Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
na die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**

Hierdie kursus, soos ook al ons ander publikasies, word gratis en sonder enige verpligting aan u gestuur.

Hoe ken 'n mens 'n vervalsing uit?

Deur Wallace G Smith

Toe *The Matrix* in 1999 vrygestel is, het baie rolprentgangers dit begryplik afgemaak as net nog 'n rolprent belaaï met genoeg grafiese geweld om dit onkykbaar vir ouers en kinders te maak. Tog het iets hierdie verhaal onderskei van ander en het dit die verbeelding van miljoene rolprentaanhangers aangegryp. Deur 'n eeue-oue tema aan te spreek, het *The Matrix* 'n hunkering aangeraak wat dieper strek as wat selfs die vervaardigers daarvan ooit kon besef.

Neo, die held van *The Matrix*, 'n andersins doodgewone ou, het ontdek dat die wêreld om hom – wat so normaal en oor die algemeen aangenaam voorgekom het – in der waarheid 'n vervalste werklikheid was, wat sorgvuldig deur sy vyande daargestel was om die skokkende waarheid van hom te weerhou!

Sou dit u verbaas om uit te vind dat *The Matrix* in een opsig ontstellend ná aan die waarheid gekom het? Mag u dalk self onwetend in 'n sorgvuldig daargestelde vervalste werklikheid leef? Indien wel, hoe sou u weet? Indien u wil uitvind, gaan voort om hierdie artikel te lees!

Die meeste mense gaan deur hul lewens sonder veel nabetraging of ondersoek. Van hulle politieke sienings af tot

hulle standpunte oor sake van die dag, is die meeste mense meer daaringeïnteresseer om te stry – om te bewys hulle is reg en die ander persoon verkeerd – as om werklik dié dinge waarin hulle glo, te *ondersoek* om te sien of dit met die waarheid versoen kan word.

Hierdie gebrek aan introspeksie en selfondersoek raak ook ons godsdienstige idees. Hoeveel mense plaas *eerlik* hulle oortuigings aangaande God “onder 'n vergrootglas”? Hoeveel mense ondersoek werklik hulle opvattinge oor die betekenis van die lewe, oor reg en verkeerd, oor goed en kwaad? Hoe dikwels gaan mense nie eenvoudig net maar aan met die godsdienstige gebruike en praktyke wat hulle as kinders geleer was, sonder om seker te maak dat die god wat hulle aanbid, die *ware* God is nie?

In sy skrywe aan Christene wat net 'n paar dekades na Christus se opstanding geleef het, moes die apostel Paulus hulle aanspoor tot sodanige selfondersoek. Hy skryf: “Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai”

(Galasiërs 1:6-7).

Paulus het gesien dat 'n ander evangelie in die Christelike kerk begin wortelskiet het – 'n evangelie wat *anders was* as dié van Jesus Christus. Let op sy bekommernis: “Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval” (2 Korinthiërs 11:3-4).

Paulus het gestry teen die verspreiding van 'n lering wat 'n ander evangelie, 'n ander Gees – en die verkondiging van 'n ander Jesus, behels het! Hoewel die leerstellings en gewoontes baie nét soos die *ware* evangelie van Jesus Christus geklink het, was dit nogtans 'n *vervalsing!* Terwyl dit misleidend *eenders* voorgekom het, was dit nogtans nie die waarheid nie.

Die Bybel beskryf die stryd om die suiwerheid van die Christelike geloof te behou, slegs 'n paar jaar nadat Christus Sy Kerk gestig het. Selfs in die voorlaaste boek van die Bybel sien ons die stryd voortgaan: “Geliefdes, terwyl ek alle ywer

aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën” (Judas 3-4).

Wie is die vervalser?

Wie was egter die eintlike bron van die vervalste “Christendom” wat besig was om die jong Kerk te verlei? Paulus verduidelik: “Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig” (2 Korinthiërs 11: 13-14).

Satan die duiwel was die oorsprong van die verwarring en korrupsie in die vroeëre Kerk. Paulus noem hom “die god van hierdie wêreld” (2 Korinthiërs 4:4). Dit was hy wat die jong Kerk in die eerste eeu binnegedring het, die liggelowiges mislei en 'n vals evangelie voorgehou het, asook 'n vals geloof en 'n vals Christus.

Wat was die uiteinde van hierdie stryd in die eerste eeu? Hier is ons, *twintig eeu* later – alles het tog sekerlik goed uitgewerk, het dit nie? Of het dit?

Ons weet dat Jesus Christus belof het om Sy Kerk te bou en dat die magte van Hades – die doderyk – dit nooit sou oorweldig nie (Mattheüs 16:18)! Hoewel dit baie *vervolg*, beswadder en misverstaan sou word, sou die Kerk wat Jesus Christus gestig het, en wat die “hele raad van God” verkondig (Handelinge 20:27), nooit van die aarde af verdag word nie en sal volgens profesie, teenwoordig wees by Sy klimaktiese Wederkoms!

Wat sien ons egter vandag? 'n Verstommende verskeidenheid van gelowe en praktyke wat almal aanspraak maak op die naam “Christen”, maar tog nie almal reg kan wees nie. Die boek Openbaring beskryf hoe ons wêreld sal lyk in die dae kort voor die Wederkoms van Jesus Christus. Johannes skryf: “En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, **wat die hele wêreld verlei**” (Openbaring 12:9). Ja, Satan mislei nog steeds die hele wêreld! Sy vervalsing het nog *nooit opgehou* nie! Satan het nie sy pogings laat vaar om 'n valse Christendom, 'n valse evangelie en 'n valse Christus te versprei nie. Hy doen hom steeds as 'n engel van die lig voor. Hy is *nog steeds* die god van hierdie wêreld en hy is *nog steeds* die vader van leuens.

Dink na oor hierdie profesie aangaande die eindtyd – ons tyd: “En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak” (Openbaring 13:11). Hier,

in hierdie beskrywing van 'n groot vals profeet – die toekomstige antichris wat binnekort aan die hele wêreld bekend gemaak sal word – kan ons sien dat *hy soos 'n lam lyk*. Natuurlik sal baie mense aanneem dat hy Christus verteenwoordig. Diegene wat kan onderskei, sal egter besef dat hy nie soos 'n lam **klink** nie – dat hy eerder soos 'n draak praat, soos die slang van ouds, Satan, die Duiwel, wat sy vervalste godsdiens versprei om die hele wêreld te mislei.

Vervalste Christendom?

Ons het uit die Skrif gesien dat Satan reeds vir eeue lank kragtig aan die werk is om die wêreld te mislei. Ons het gesien dat die wêreld onder sy invloed sal wees gedurende die eindtyd. Laat ons dus kyk na 'n moeilike vraag wat *baie min mense die moed sal hê om eerlik te beantwoord*: Verteenwoordig vandag se “hoofstroom Christendom” die werklike Christendom van Jesus Christus of die vervalsing wat deur Satan aangebied word?

Baie historici en geleerdes het al hierdie vraag oorweeg. Lees hierdie opmerking van die Protestantse geleerde, Jesse Lyman Hurlbut: “Vir vyftig jaar na Paulus se lewe hang daar 'n gordyn oor die Kerk, waardeur ons tevergeefs poog om te kyk; en wanneer dit uiteindelik rondom 120 n.C. lig met die geskrifte van die *vroegste Kerkvaders*, vind ons 'n Kerk wat in baie aspekte heeltemal

anders is as in die dae van Petrus en Paulus” (*Story of the Christian Church*, bl. 41).

Hurlbut is *allesbehalwe* die enigste in sy gevolgtrekking. Is dit egter werklik moontlik dat die *vervalste* Christendom wat die vroeëre Kerk in die eerste eeu soos 'n virus binnegedring het, *steeds in die een-en-twintigste* eeu teenwoordig kan wees? Christus noem Sy ware volgelingen 'n “klein kudde” (Lukas 12:32). Is dit moontlik dat die vervalsing eintlik die *oorheersende* vorm is van wat die meeste mense vandag “Christendom” noem?

Indien dit wel die geval is, *hoe sal ons weet? Hoe kan ons bepaal of die geloof wat ons navolg, die waarheid of die vervalsing is?*

In ons pogings om 'n vervalste geloof te identifiseer, kan ons gerus 'n wenk aanneem van die Verenigde State se Tesouriedepartement, wat 'n stryd voer teen vervalste *geld*. Een van die mees effektiewe maniere om 'n vervalsing uit te ken, is om heeltemal en intiem vertrouwd te wees met die *ware Jakob*. Wanneer mens terdeë bewus is van hoe 'n \$20-noot tussen jou vingers voel – die ingewikkelde besonderhede van die kunswerk, die papier se gewig in jou hand, die wyse waarop dit reageer wanneer jy dit vou, die manier waarop klein veseltjies in die materiaal verweef is, die manier waarop die ink *net so effentjies* in die papier ingesypel het – kan mens meer geredelik seker wees wanneer jy 'n *namaaksel* in jou

hand hou. Wanneer mens die “ware Jakob” ken, staan die namaaksel vir jou uit soos dag teen nag, selfs wanneer andere wat nie so vertrouwd is nie, dit nie eens sou agterkom nie!

Ons kan dieselfde strategie aanwend om 'n vervalste geloof, 'n vervalste Christus of 'n vervalste Christendom uit te ken. Wanneer mens eers vertrouwd is met die *ware standaard*, kan dit nie anders as dat die namaaksel, deur die bestaande verskille, sal uitstaan nie ongeag hoe subtiel hulle ook al mag wees!

Wat is daardie ware standaard? God se Woord – die heilige Bybel!

Kyk na die voorbeeld van die Bereane. “Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessalonika; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was” (Handelinge 17: 10-11).

Die \$20-noot toets

Wat vind ons dus wanneer ons die “\$20-noot toets” op sekere aspekte van tradisionele Christendom toepas? Hoe vergelyk dit met God se Woord, hoe weeg dit opdaar teen?

Dink aan die beloning van die wat gered is. Baie kerke verkondig dat iemand hemel toe gaan wanneer hy te sterwe kom. Vir sommiges beteken dit om op

'n wolk rond te sweef met 'n harp in die hand. Andere beskryf die hemel weer as 'n “geluksalige visie” waar mens eenvoudig vir alle ewigheid met vreugde na God se gesig staar.

Wat leer *die Bybel* egter aan ons, wat is die beloning van diegene wat gered is? In die gedeelte van die Skrif wat bekend staan as die Saligsprekinge, onthul Jesus iets belangriks: “Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe” (Mattheüs 5:5).

God se Woord beskryf konsekwent dat die erfenis van die heiliges hier op aarde sal wees! Wat sê die Bybel sal die heiliges hier op hierdie aarde doen? Neem kennis: “En aan hom wat oorwin en My werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het” (Openbaring 2:26-27).

Ons lees ook Christus “het ons konings en priesters vir onse God maak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Openbaring 5:10). Later sien ons dat die heiliges saam met Christus vir 'n duisend jaar lank sal regeer (Openbaring 20:6)!

Is dit net 'n soort simboliese taal of beeldspraak wat ons kan weg rasionaliseer of maar kan ignoreer? Die apostel Paulus het nie so gedink nie. Kyk na wat hy aan die Christene in Korinthe skryf: “Durf iemand van julle wat 'n saak teen 'n ander het, gaan reg soek voor die onregverdiges en nie voor die heiliges nie?

Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korinthiërs 6: 1-3).

Op hierdie plekke – en ook op baie ander – verduidelik die Bybel dat dit die beloning van die heiliges is om letterlik saam met Jesus Christus in mag en glorie te regeer! Is dit egter wat vandag verkondig word in die meeste kerke wat Christendom bely? Die suiwer woord van God gee aan ons 'n rotsvaste standaard wat ons in staat stel om Satan se vervalsing uit te ken.

Dink nou aan 'n paar van die tradisionele feesvieringe wat met hedendaagse “Christendom” verbind word. U het waarskynlik al die liedjie gehoor wat verklaar dat Kersfees die “wonderlikste tyd van die jaar” is. Mense ruil geskenke uit, versier bome, hang kouse op vir Kersvader en geniet baie tradisies wat vir geslagte lank oorgedra word en in Christus se naam gevier word. Met Paastyd vertel ouers aan hulle kinders dat die “paashaas” vir hulle gekleurde eiers en lekkers bring en hulle almal geniet paasbolletjies en ander ou tradisies wat in Christus se naam beoefen word.

Nog tans sal enige ensiklopedie wat werd is om gelees te word, dit duidelik stel dat daardie gebruike en tradisies hulle oorsprong het in *heidense*

aanbiddingsgebruike wat Christendom met eeue vooraf gegaan het – of selfs met millenniums! Mense wat bewus is van hierdie oorspronge, sê soms dat dit geoorloof is om nie-Christen gebruike te “doop” deur dit op te neem in Christelike aanbidding. Hoe voel God egter regtig oor die gebruik van heidense praktyke om Hom en Sy Seun te aanbid? God maak Sy gevoelens baie duidelik in die Bybel. Hy het duidelik opdrag gegee dat heidense praktyke nie gebruik mag word om Hom daarvolgens te aanbid nie (Deuteronomium 12:30-32).

Soos gereelde lesers van hierdie publikasie weet, is Jesus Christus die God wat daardie opdrag gegee het. Ons behoort van Sy ware Kerk te verwag om Hom gehoorsaam te wees. Wat sê Hy van diegene wat Sy geboorte ten gunste van hulle eie idees verwerp? Hy het aan die Fariseërs gesê: “Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou” (Markus 7:9). Christus het 'n praktyk verdoem wat vandag *algemeen* beoefen word in “hoofstroom Christendom” – pogings om Hom te aanbid deur tradisies te gebruik wat daargestel was vir die aanbidding van valse gode!

Wat sal u kies?

The Matrix is maar een van baie wetenskap-fiksieverhale waarin 'n held ontdek dat die wêreld om hom nie is wat dit voorgee om te wees nie, maar

dat dit in der waarheid 'n slinkse misleiding is – 'n *vervalste realiteit* – wat ontwerp is om die waarheid van hom te weerhou.

In hierdie verhale kom daar dikwels 'n oomblik wanneer die held die waarheid begin uitvind en dan 'n moeilike besluit moet neem: “Keer ek terug na die gerieflike wêreld wat ek nog altyd geken het, selfs al weet ek dat dit 'n leuen is, of neem ek moedig die volgende stap en gryp ek die waarheid ten volle aan, ongeag hoe ongerieflik die besluit ook al mag voorkom?”

Wanneer u die ware Christendom van die Bybel ontdek en verstaan hoe dit verskil van die “Christendom” wat om ons beoefen word, mag u voor so 'n oomblik in u lewe te staan kom.

Indien wel, sal u nie alleen wees nie. Ek ken daardie gevoel. Ek was ook al daar. Dit verg moed om te handel volgens wat 'n mens leer. U mag selfs 'n gevoel van angs ervaar en wonder waar dit alles sal eindig wanneer u begin om dit wat u in die Bybel leer, te beoefen.

Maar, soos wat ek gevind het, is daar ook werklike vreugde en opgewondenheid wanneer mens waarhede ontdek wat jy nog *nooit voorheen geleer* was nie. Gedeeltes in die Bybel wat u moontlik al baie male voorheen gelees het – maar *nooit ten volle verstaan* het nie – raak wêrelik en pas in die groter prentjie in. Namate u dele van die Bybel ontdek wat u voorheen geïgnoreer het, begin u insien wat 'n wonderlike boek die hele

Vervolg op bladsy 27

Vrae & Antwoorde

Vraag: Ek het so pas uitgevind dat die weeklikse Sabbat met sonder op Vrydag begin en eindig met sonder op Saterdag soos die Bybel dit voorskryf. Wat moet ek doen om dit te "heilig" soos ons beveel word in Eksodus 20:8?

Antwoord: Sommige mense dink verkeerdlik aan die Sabbat as 'n tyd wanneer God ons verdruk deur ons te verbied om te doen wat ons graag wil doen. In werklikheid is dit egter 'n tyd wat Hy vir die mensdom geskep het om ons 'n onderbreking te gee van die week se spanning en om ons aandag te vestig op die Een wat daardie dag gemaak en dit eenkant gesit het vir Sy heilige doel. "En Hy sê vir hulle: Die Sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die Sabbat" (Markus 2:27-28).

Waarom onderhou ons die Sabbat? Dit is een van die Tien Gebooie wat God aan ons gegee het, wat Christus Self onderhou het en wat Hy Sy volgelinge geleer het om te onderhou (Mattheüs 19:17). Ons lees: "Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van die HERE jou God; *dan* mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die Sabbatdag geseën en dit geheilig" (Eksodus 20:8-11).


Elke Sabbat wend ons ons af van ons gewone arbeid en ligsinnige aktiwiteite soos om na sport te kyk of om na vermaak op die televisie of die Internet te kyk wat ons aandag aftrek van God en Sy plan vir ons. Dit stel vir ons tyd beskikbaar om die Bybel te lees, te bid en na te dink oor die dinge van God. Op die Sabbat fokus ons daarop om te leer aangaande God en om Hom te aanbid. Diegene wat binne 'n redelike afstand van 'n groep ware Christen gelowiges woon behoort byeen te kom vir erediens en kameraadskap. "En laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en **laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim** soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer

namate julle die dag [van Christus se Wederkoms] sien nader kom" (Hebreërs 10:24-25).

Christus verduidelik dat ons goed moet doen op die Sabbat (Mattheüs 12:12). 'n Persoon wat 'n lewe red wat in gevaar is, verbreek nie die Sabbat nie; Christus het die siekes op die Sabbat genees, waarvoor die Fariseërs saamgesweer het om Hom te vernietig (verse 13-14). Christene moet egter hulle gewetens ondersoek om seker te maak dat hulle nie Christus se opdrag misbruik nie. Dit is paslik vir 'n Christen om 'n lewe op die Sabbat te red, maar dit is nie paslik om geld op die Sabbat te verdien deur normale besigheid te bedryf onder die voorwendsel dat mense daardeur "gehelp" word nie.

Wanneer ons God se ware Sabbat na regte onderhou, seën Hy ons ryklik. "As jy jou voet terughou van die Sabbat – om nie jou sake op My heilige dag te doen nie, en as jy die Sabbat 'n verlustiging noem *en* die heilige *dag* van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob" (Jesaja 58:13-14).

God se weeklikse en jaarlikse Sabbatte is 'n tyd van vreugde sowel as van fisiese en geestelike verfrissing wat met ander mede-gelowiges gedeel behoort te word. "Hieraan wil ek dink en my siel uitstort in my: hoe ek gewoon was om voort te trek met die skare, hulle gelei het na die huis van God, met die stem van jubel en lof – 'n feesvierende menigte!" (Psalm 42:5).

Om meer te wete te kom oor die betekenis van die Sabbat en hoe om dit te onderhou, vra asseblief ons gratis boekies, *Watter Dag is die Christelike Sabbat?*, en *Die Heilige Dae – God se Meesterplan*, aan. Skryf aan die streekkantoor naaste aan u (soos aangegee op bladsy 2 van hierdie tydskrif) of verkry dit van ons webtuiste www.wvm.co.za. 

Profesie neem

Hulle struikel saam!

Die Verenigde State, Brittanje, Australië, Suid-Afrika en die klein Joodse staatjie van Israel, ervaar almal dieselfde soort probleme in hierdie eindtyd! Die VSA, wat eenmaal die mees gerespekteerde nasie op aarde was, het in die afgelope jare gevind dat sy invloed vinnig besig is om skerp te daal. Groot Brittanje bevind haar al hoe meer “uitgelaat” uit die opkomende Europese superstaat. Israel het baie min vriende of bondgenote, behalwe vir bogenoemde Engels-sprekende nasies. Ernstige droogtes teister Suid-Afrika, asook Australië, dele van die VSA en Groot Brittanje. Gewapende Moslem-ekstremiste, wat lank reeds deel is van die alledaagse lewe in moderne Israel, het hulle geweld na die VSA en Groot Brittanje uitgebrei.

Waarom ervaar hierdie nasies almal dieselfde soort probleme op dieselfde tyd? Antieke Bybelprofesieë verskaf noodsaaklike en insiggewende antwoorde – en daardie profesieë *neem vandag gestalte aan!*

Profetiese waarskuwings

Baie mense wat vandag die Bybel lees, beskou hulself as té “modern” en “gesofistikeerd” om wat in die Bybel staan, ernstig op te neem. Vir hulle is die Skrif slegs maar 'n versameling van

mites en allegorieë, meestal oor denkbeeldige mense en gebeure uit 'n duister en verre verlede.

Nogtans maak die God van die Bybel die onomwonde aanspraak – dat Hy die toekoms kan voorspel en dit wel doen! “... *Ek is God*, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat My behaag, sal Ek doen” (Jesaja 46:9-10).

Die Bybel vermeld dat God 'n geruime tyd voor 720 v.C., die profeet Hosea aangesê het om die waarskuwings wat Hy aan verskeie verwante nasies rig, neer te skryf, om aan hulle te voorspel wat die *gevolge* sal wees, wat hulle mense die hoof sal moet bied as gevolg van hulle sondes. Hosea was geïnspireer om te skryf, “En die trotsheid van Israel getuig openlik teen hom; en *Israel en Efraim* sal struikel deur hulle ongeregtheid, ook *Juda* sal saam met hulle struikel. Efraim sal 'n woesteny word op die dag van straf; onder die stamme van Israel maak Ek bekend *wat sekeris*” (Hosea 5:5, 9).

Baie onbedagsame Bybel-studente aanvaar verkeerdlik dat Israel en Juda een en dieselfde nasie is wat hulle vandag op 'n klein stukkie grond in die Midde-Ooste bevind. Hierdie algemeen maar

verkeerde aanname verberg die ware betekenis van Hosea se profesie. Toe Hosea geskryf het, was Israel 'n koninkryk bestaande uit tien stamme in die noordelike deel van wat later Palestina genoem is, Juda was 'n koninkryk suid van Israel en was hoofsaaklik uit twee stamme saamgestel: Juda en Benjamin. Hierdie twaalf stamme saam verteenwoordig die “hele huis van Israel” – met elke stam wat afstam van een van Jakob se twaalf seuns. Genesis 49 bevat spesifieke profesieë wat die toekomstige kenmerke skets van die nasies wat uit elkeen van hierdie twaalf stamme sou ontwikkel.

Na Hosea se tyd is die tien noordelike stamme, wat Israel uitgemaak het, na Assirië in ballingskap weggevoer. Hulle het later daarvandaan migreer na noordwestelike Europa en die Britse eilande. Vanaf Brittanje het hulle versprei na die VSA, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika.

Amper aan die einde van die sewende eeu v.C. – ongeveer 120 jaarnadat Israel deur Assirië oorwin is – is die suidelike koninkryk van Juda deur Babilonië verower. Maar, anders as met die inwoners van die noordelike koninkryk, wie se nasate meestal versprei het na die noordweste toe, het 'n gedeelte van die volk van die suidelike koninkryk teruggekeer

gestalte aan

na die gebied rondom Jerusalem, nadat hulle ballingskap beëindig was. Daardie teruggekeerde ballinge het die Tweede Tempel in Jerusalem gebou en voortgegaan om hulle Joodse geloof te beoefen, totdat daardie tempel in 70 n.C. deur die Romeine vernietig is en die Jode weereens begin versprei het. Vir meer inligting aangaande hierdie antieke stamme, hulle migrasies en belangrikheid in Bybelprofesieë, vra asseblief 'n gratis kopie aan van ons boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*

Vandag is die identiteit van die Jode welbekend, maar slegs 'n klein minderheid mense wat geskiedenis en Bybelprofesieë verstaan, is bewus van die moderne identiteit van die antieke Israelitiese stamme. Aangesien baie Bybelprofesieë tweeledig is – aanvanklik gedeeltelik van toepassing op 'n antieke nasie, dan meer volledig van toepassing op 'n moderne nasie (of nasies) aan die einde van hierdie tydperk – kan ons nie werklik die profesieë van die Skrif verstaan as ons nie die moderne nasionale identiteite van Israel verstaan nie.

In Hosea se profesie verwys *Israel* na die moderne Israelitiese nasies, waarvan die VSA vandag die mees prominente is. Sy verwysing na *Efraim* dui op Brittanje en haar

nasate, die “menigte van nasies” genoem in Genesis 48:19. Wanneer Hosea verwys na *Juda*, dui sy profesie op die moderne Joodse nasie wat as Israel bekend staan, en nie na die ander moderne Israelitiese nasies nie. Hosea se profesie wys dat die Israelitiese nasies – insluitend die VSA, Groot Brittanje, Australië en Suid-Afrika – gedurende *dieselfde tyd* sal struikel as wat die Joodse nasie van Israel in die Midde-Ooste sal struikel. Dit is presies wat vandag gebeur!

Gister se profesie; vandag se nuus

Enigeen wat die nuus die laaste paar jaar gevolg het, het baie nuusberigte gesien wat bewys lewer van die afname in die Verenigde State se invloed regoor die wêreld. Artikel na artikel het verkondig “Die einde van PaxAmerikana,” en opname na opname dui op bedenkinge regoor die aardbol dat die VSA nie vertrou kan word om verantwoordelik op te tree in sy omgang met ander nasies nie.

Ontleders beklemtoon dat die Amerikaanse militêre magte gevaarlik baie uitgedun is as gevolg van die Verenigde State se betrokkenheid by Afganistan en Irak, en verklaar: “Om te faal in Irak sal rampspoedig wees vir die Verenigde State”. (*Charlotte Observer*, 11 Januarie 2007) –

dit alles terwyl die Amerikaanse dollar voortgaan om in waarde te verminder teenoor die ander geldeenheede. Ander studies toon 'n onheilspellende “opbouwende storm” van gewelddadige misdaad aan wat Amerika bedreig, saam met 'n vloedgolf van onwettige immigrante wat die kulturele aansig van die nasie verander. Brittanje staar soortgelyke probleme van toenemende misdaad en rasse-onrus in die gesig, wat gevoed word deur golwe van buitelandse immigrante, militêre eenhede wat oorbenut word en druk vanaf Europa dat hulle “of in of uit” moet wees. En, terwyl die Verenigde State en Groot Brittanje terroriste op hulle eie drumpel beveg, word die Midde-Oosterse nasie van Israel beleër deur Islamitiese ekstremiste wat daardie klein landjie wil uitwis.

Oorsake van probleme

Waarom oorval groot probleme daardie spesifieke nasies op hierdie tydstip in die geskiedenis? Die profeet Hosea *openbaar die oorsaak* van die probleme in die Israelitiese nasies. Hy skryf dit is “... omdat jy die wet van jou God vergeet het... want hulle het nagelaat om die HERE te vereer” (Hosea 4:6, 10). Hierdie gewillige onkunde en ongehoorsaamheid het aanleiding gegee tot 'n hele

reeks van probleme. “Hulle sweer en lieg en moor en steel en pleeg owerspel; hulle breek in, sodat bloedbad aan bloedbad raak” (Hosea 4:2). Lank voor Hosea se tyd het God die mense wat Hy geseën en uitverkies het om 'n lig vir die wêreld te wees, gewaarsku: “... en jy sal eet en versadig word ... dat jy die HERE jou God nie vergeet deur Sy gebooië en Sy verordeninge en Sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie” (Deuteronomium 8:10-11). God het egter die Israelitiese volke se neiging om te vergeet voorsien, dus het Hy Moses geïnspireer om ernstige waarskuwings aan

hulle nasate te boekstaaf: “Want ek weet dat julle ná my dood gewis verderflik sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, sodat die *onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom*, omdat julle sal doen wat verkeerd is in die oë van die HERE om Hom deur die werk van julle hande te terg” (Deuteronomium 31:29).

Dit is geen toevalligheid dat die toenemende probleme wat die Israelitiese nasies nou bedreig, kop uitsteek terwyl hulle die aborsie van miljoene ongebore babas *toelaat en bevorder*, die wêreld lei in owerspel en egskeidings en

homoseksuele verhoudings en dieselfde-seks huwelike besing nie – praktyke wat die Bybel gruwels noem (Levitikus 18:20-22). God openbaar dat Hy hierdie nasies “die gevolge sal [laat] dra” van hulle dade (Jeremia 2:17-19; Hosea 4:9-10). Die Skrif toon God Self “maak onheil gereed teen julle, en Ek dink 'n plan uit teen julle” (Jeremia 18:11) – die moderne nasies van Israel, en dat daardie onheil hulle “skielik” sal oorval (Jeremia 6:26; 15:8). Dit is tyd om wakker te skrik en die krag en toepaslikheid van Bybelprofesie raak te sien!

—Douglas S. Winnail

Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?

Meer as 50 jaar gelede het mnr. Herbert W. Armstrong (1892 – 1986) ’n boek geskryf getiteld “The United States and British Commonwealth in Prophecy”.

Hierdie boekie bou voort op mnr. Armstrong se navorsing en dié van ander skrywers, om die leser nie slegs op die geskiedenis van die verlede te wys nie, maar na die geskiedenis wat vooruit geskryf is!

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie!


Vervolg vanaf bladsy 6 – Hoe om God te KEN

uitvind dat God *liefde* is en dat Hy graag aan enige versoek van u wil voldoen soos wat vir u in die omstandighede die beste is. U sal uitvind dat Hy die *mag* het om u *te genees* wanneer u siek is, om u op wonderbaarlike wyses van probleme te *verlos* en om u te *seën* op maniere wat bo

menslike begrip is.

Dus, *begin om God te leer ken* deur elke dag met Hom te praat!

Onthou – die gesamentlike bewyse van die *natuur*, van die *Bybel* en van *beantwoorde gebede* openbaar almal dieselfde *ware God*. Hy is die

Alwyse, Almagtige, Wetgewende Heerser van die heelal. Hy is u Vader. Ek hoop u sal gewillig sal wees om Sy regering te *erken*, Sy wette te *gehoorsaam* en die ewige lewe as Sy kind te beërwe! 

Vervolg vanaf bladsy 22 – Hoe ken 'n mens 'n vervalsing uit?

Bybel is! 'n Mens begin sien dat God werklik **nie** die skepper van wanorde is nie (1 Korinthiërs 14:33). U begin self die oorvloedige lewe ervaar wat Hy belowe het aan almal wat aan Hom gehoorsaam is (Johannes 10:10).

U mag egter soms wonder of u alleen staan in die nastrewing van ware Christenskap, eerder as die vervalsing. Weereens verskaf die Bybel die antwoord in Jesus Christus se belofte dat Hy Sy Kerk sal bou en dat die magte van die *doderyk* of die *graf* dit nie sal oorweldig nie (Mattheüs 16:18). Namate u die

Bybel lees, sal u begin insien dat Sy ware Kerk *wel bestaan* en *teenwoordig* sal wees met Sy Wederkoms, wagtende op die dag wanneer dit aan Hom gebied sal word as 'n bruid wat “haarself gereed gemaak het” (Openbaring 19:7).

Die apostel Paulus noem die ware Kerk – nie die vervalsing nie – “die huis van God, wat die gemeente [kerk] is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid” (1 Timotheüs 3:15). Elders sê Jesus: “En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak” (Johannes 8:32). Dit

verg moet om 'n gerieflike leuen te verwerp en na die waarheid te begin uitreik. Maar iewers, soos 'n klein, maar kosbare edelsteen tussen 'n hoop namaaksels, is daar 'n Kerk wat werklik die waarheid van Jesus Christus verkondig, daardie selfde presiese boodskap en lewenswyse wat Hy self na hierdie aarde gebring het.

Hoe sterk is u begeerte om daardie Kerk te vind? En dan, wanneer u dit gevind het, sal u gewillig wees om van die vervalsing afstand te doen? **WvM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

dringend bid dat God Sy mense sal beskerm en hierdie gebeure tot hul beswil sal lei – beweeg ons nader aan ons Skepper en maak dit ons meer bewus van Sy *krag*, Sy *doel* en Sy *wysheid*.

Jesus Christus het hierdie streng teregwyding gerig aan die godsdienstige leiers van Sy dag wat om 'n spesiale teken van Sy Messiasskap gevra het: “In die aand sê julle: Mooi weer, want die lug is rooi. En in die môre: Stormweer vandag, want die lug is donkerrooi. Geveinsdes, julle weet wel om die voorkoms van die lug te onderskei, en kan julle nie die tekens van die tye *onderskei* nie?” (Mattheüs 16:2-3). So is dit ook vandag. Die meeste godsdienstige mense – *en hulle leiers* – het feitlik *geen idee* van die voortsnellende profetiese gebeure wat nou besig is om plaas te vind nie, ook nie dat die groot **God** (wat die opkoms en val van nasies lei)

gereed maak om die Verenigde State *af te breek tensity haar mense eerlik berou tot bekering* toon nie!

In een opsig is dit opwindend om die opbou tot die finale Groot Verdrukking “dop te hou”. Maar, in 'n ander baie persoonlike sin, is dit *hartverskeurend* vir Amerikaners om op te merk hoe hulle geliefde Verenigde State van Amerika afgebreek word. Dit geld ook vir haar wonderlike Britse en Gemenebes bondgenote wat al hoe swakker word – dit terwyl China en Indië hulleself versterk, en die nasies van die Europese vasteland georganiseer word in die finale **Supermoonheid** wat God in Openbaring 17 beskryf.

Ek is seker dat dit vir ons Britse vriende en broers besonder pynlik is om te besef dat die eens magtige Britse Ryk **nie meer bestaan nie**,

en dat die uiters belangrike “seepoorte” wat eens op 'n tyd deur Brittanje en Amerika beheer was, **nie meer aan hulle behoort nie** – behalwe Gibraltar en die Falkland-eilande. Selfs hierdie twee sal eersdaags nie meer onder Britse beheer wees nie. Die eens magtige invloed van die Anglo-Saksiese volke regoor die wêreld is stadig maar seker besig om **te verdwyn!**

God het voorspel dat dit sou gebeur! Die groot God wat aan ons lewe en asem skenk het aan ons voorvaders gesê: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek – dan sal Ek dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die toring en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet. En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig weens julle sondes te tugtig. En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper” (Levitikus 26:14-16, 18-19).

Geagte leser, bestudeer hierdie Skrifgedeelte *baie noukeurig*, en “waak” dan om te sien hoe dit oor die volgende paar jaar in vervulling sal kom – **tensy** die Amerikaners, en die nasies wat van Britse afkoms is, tot 'n tipe van nasionale **berou tot bekering** kom soos wat hulle nog nooit vantevore ervaar het nie! Wat u aanbetref, mag God nou besig wees om u verstand en hart te open tot persoonlike berou tot bekering – om werklik die ontsagwekkende **doel te verstaan** wat die Ewige God besig is om onder mense en nasies uit te werk. U het op die een of ander wyse in direkte kontak gekom met die lewensbelangrike Werk wat God tot stand gebring het om Sy waarskuwende boodskap aan die Amerikaners en die nasies van Britse afkoms, bekend te maak en om – as 'n “getuie” (Mattheus 24:14) – die wonderlike **Goeie Nuus** te verkondig van die toekomstige Regering van God wat *oor die hele wêreld* gaan heers!

Soos wat hierdie opwindende en nogtans traumatiese voorspelde gebeure voortgaan om

oor die volgende aantal jare al hoe vinniger gestalte aan te neem, moedig ek u **almal** aan om die intensiteit van u Bybelstudie te verhoog asook die vurigheid van u gebede en die diepte van u verhouding met die groot **God** wat ons lewe en asem gee! **Indien** u sorgvuldig al die profetiese artikels in elke uitgawe van *Die Wêreld van Môre*-tydskrif lees – vernaamlik die rubriek “Profesie neem gestalte aan” (elders in hierdie uitgawe) – en indien u waarlik *studeer* en *bid* en “waak” soos Jesus Christus ons aansê om te doen, sal hierdie gebeure wat aan die kom is, u **nie** “bekruip” en onverwags oorval nie! Soos die apostel Paulus aan die Thessalonicense skryf: “Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dataan julle geskryf word nie; want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie. Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie. Laat ons dan nie **slaap** soos die ander nie, maar laat ons **waak** en **nugter** wees” (1 Thessalonicense 5:1-6).

Die opkoms van die voorspelde Europese Ryk (die “Dier” van Openbaring 17) sal *tydelike* “vrede” bring vir miljoene belydende Christene, wat eenvoudig met die meerderheid sal saamgaan en deel sal word van daardie Ryk se magtige godsdiens-politiese sisteem. Maar, wanneer daardie Ryk se leiers sê “vrede en veiligheid,” (1 Thessalonicense 5:3), sal *u* – wat waarlik u eie Bybel **bestudeer het** en geleer het om te “waak” – **nie** mislei word nie! U sou derhalwe Jesus se opdrag om te “waak” en te “bid” ywerig gehoorsaam het. Dus, vir diegene van u wat God nou mag roep, herinner ek aan Christus se woorde: “Wie ore het om te hoor, *laat hom hoor!*” (Lukas 8:8).

